Onderwysersgids

Donkerbloed

Elrien Scheepers

LET WEL: Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die roman *Donkerbloed* (Human & Rousseau, 2021)



Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **Graad 10 Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie gids is saamgestel deur **Isabella Venish**.

Kopiereg © 2021 Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers, ’n afdeling van Media24 Boeke (Pty) Ltd

INHOUDSOPGAWE

INHOUD **BLADSY**

Benaderings tot die onderrig van letterkunde 3

Afdeling A: Pre-lees 4

Ontleed en bespreek die voorplat 4

Biografie van die skrywer 5

Die verhaal in ’n neutedop 6

Aspekte wat jy behoort te bestudeer 8

Literêre begrippe: Intrige en subintrige/spanningslyn 10

Literêre begrippe: Karakter en karakterontwikkeling 13

Literêre begrippe: Karakterisering 16

Literêre begrippe: Uiterlike en innerlike konflik 19

Literêre begrippe: Rol van die verteller ..... .20

Literêre begrippe: Temas en boodskappe 21

Literêre begrippe: Agtergrond en milieu en die invloed daarvan op karakters 24

Literêre begrippe: Tydsverloop 26

Literêre begrippe: Stemming, ironiese wending en afloop 28

Afdeling B: Lees 31

Afdeling C: Post-lees 32

Kontekstuele vrae en opsommings (Hoofstuk 1 – 29) 32

Literêre opstelvraag 57

Verrykingsaktiwiteite 60

Projek 60

Memorandum: Kontekstuele vrae 67

Woordverklarings..... 81

Literêre glossarium 83

Bronnelys 89

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidverklaring (KABV) beklemtoon die belangrikheid van lees en kyk (letterkunde) in die klaskamer. Die benadering tot die onderrig van letterkunde is om by die leerders ‘n sensitiwiteit vir taal te wek wat meer verfynd, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik kan word (KABV, 2011:12). Die KABV verwys ook na die persoonlike en eerlike interpretasie en kommentaar van die leerders in die onderrig van letterkunde. Verder behoort die onderwysers soveel as moontlik die leerder toe te laat om deel te neem aan die gesprek. Die leerder behoort self die letterkundige teks te verstaan eerder as dat die onderwyser se interpretasie aan die leerder oorgedra word.

Die KABV gee ’n aanduiding van benaderings wat in die klaskamer gevolg kan word:

Lees	• Die teks word in die klas gelees sodat die leerders die elementêre betekensvlakke van die teks verstaan. Selfstandige lees moet ook aangemoedig word.
Ondersoek	• Die leerders behoort gewys te word hoe die huistaal skeppend, intelligent en verbeeldingryk aangewend word. Dit beteken die funksie en betekenis van die letterkundige aspekte word ondersoek op 'n teksgebaseerde wyse.
Skryf	• Skryfaktiwiteite behoort nou aan te sluit by die letterkundige teks, dit kan daartoe bydra dat die leerders die teks meer waardeer.
Geheelbeeld	• Die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing en die ondersoek daarvan in die teks moet in sy geheel bestudeer word, nie dele daarvan nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

AFDELING A: PRE-LEES

Tydens pre-lees word die leerders aan die teks bekendgestel. DIt sal assosiasies en vorige kennis aktiveer (KABV, 2011: 23).

Die volgende aktiwiteite kan die teks aan die leerders bekendstel:

- Vluglees en soeklees tekskenmerke
- Vluglees en soeklees dele van ‘n boek
- Maak voorspellings deur inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is
- Hanteer onbekende woordeskat

Voorbeelde:

- Bespreek en ontleed die voorblad van die boekomslag:
    - Wat is die betekenis van die romantitel? Hoe realiseer dit in die roman?
    - Watter voorspelling is in die lokteks (“Die waarheid lê naby, haar einde nader”) opgesluit?
    - Het die meisie op die voorblad opvallende fisiese kenmerke?
- Bespreek en ontleed die agterblad van die boekomslag:
    - Watter verwagting skep dit om te lees dat die roman in die jaar 2045 afspeel?
    - Watter leidrade op die agterblad sluit by die jaar 2045 aan?
    - Hoe sluit die laaste sin op die agterblad by die lokteks op die voorblad aan?





Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

Elrien Scheepers is in Mei 1962 op Middelburg in die Karoo gebore. Sy is die oudste van vier kinders en het meestal in Gqeberha - toe dit nog Port Elizabeth genoem is - grootgeword. Sy het oor naweke baie keer roomys by die Red Windmill by Humewoodstrand geëet, en in die rotspoele na anemone gesoek. Sy was ’n redelik pligsgetroue skoolkind, maar ’n baie slegte hokkiespeler en atleet. Sy was toe al baie lief vir lees; boeke soos *Frits Deelman*, *Die Uile* en *Nancy Drew*.

Ná skool gaan sy Pretoria toe om Entomologie en toe Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria te studeer. Sy het ’n paar jaar as kleindierveearts gepraktiseer, en is toe as ’n dosent aan die Universiteit van Pretoria aangestel, waar sy nou nog veeartse en veeartsenykundige verpleegsters oplei. Sy is darem beter daarmee as wat sy ooit op die sportveld of in die koor was.

Sy woon in ’n huis saam met drie jong chihuahuas, twee ou katte en ’n paar visse in ’n visdam in die tuin. Niemand weet hoe oud die visse is nie. Sy luister graag na musiek, lees storieboeke en hou van skottelgoedwas, haar kaggelvuur en niksdoen oor naweke. Haar gunsteling-tienerboekskrywers is David Almond en Marcus Sedgwick. Haar idee van hemel op aarde is om lang ente langs die see te loop, selfs as dit grys en koud en die see onstuimig is. Sy skryf nie wanneer sy lus is nie, maar wanneer sy moet.

Haar eerste publikasie was die gedig “Ek hou van jou”, gepubliseer in *Toulopers* (LAPA Uitgewers), in 2010. Daarna is verskeie kinderstories en -gedigte gepubliseer in die skole- en kommersiële markte. In 2017 was sy die naaswenner in die Nasionale Bloemfonteinse Skrywersvereniging-skryfwedstryd se poësie afdeling, met die gedig “Genadeloos” – een van net twee gedigte wat sy nog vir volwassenes geskryf het.

Dit het haar ’n jaar geneem om *Donkerbloed,* haar debuutroman, te skryf. Nie net wens sy dat sy soos Margaret Atwood kon skryf nie, maar die geneties gemodifiseerde varke (“pigoons”) in *Oryx and Crake*, was die klein vonk waaruit haar eerste tienerroman ontstaan het. Sy het baie laat in haar lewe begin wetenskapsfiksie lees, en is nie van plan om ooit weer op te hou om dit te lees of vir tieners wetenskapsfiksie te skryf nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

Hierdie roman wat in die toekoms, in die jaar 2045, afspeel, handel oor ‘n agttienjarige meisie, **Sybella**, wie se ma en suster twee jaar tevore in ‘n lugtaxi-ongeluk gesterf het. Sybella voel baie skuldig, aangesien hulle almal op pad na ‘n funksie was, maar dat sy, Sybella, nie saam met haar ma en sussie, **Jynna**, in die lugtaxi na die funksie gegaan het nie.

Die afgelope twee jaar woon Sybella alleen in ‘n woonstel in Eastwood. Sy het ‘n AquaLumen-tatoeëerpen ontwerp waarvan die verkope aan haar ‘n inkomste besorg, saam met haar erflating van haar ouers. Sybella is aan die begin van die verhaal besig met haar matriekjaar.

Een aand toe Sybella in Sunnyside is op pad na Zonga’s om haar vriend, **Jax,** te ontmoet, vind sy ’n beseerde meisie in die straat. Sybella soek na ‘n wegsteekplek vir haar voordat die polisiehommeltuie haar kan kry. Aan die meisie se tatoeëermerke kan Sybella aflei dat sy ‘n onwettige immigrant is en aan haar kneukelhandskoene dat sy ‘n onwettige hokvegter is. Sybella betaal ‘n bedelaarkind wat ‘n houtkarretjie sleep, om haar te help om die meisie na haar woonstel in Eastwood te neem.

Later die aand ontmoet Sybella vir Jax in Zonga’s, omdat Jax nuus van haar ma en Jynna met haar wou deel. In Zonga’s is daar XtraTrans-mense wat hulself tegnologies laat verander het en as transhumaniste leef. Sy sien ‘n kuborg by Jax. Jax groet net en gaan vinnig uit Zonga’s sonder om iets aan Sybella te sê. Die kuborg, **Cedric**, kom na Sybella en sê dat hy ‘n boodskap van **Lilith Rox** vir haar het. Sybella wil hom egter nie op haar direkte gedagtelyn toelaat nie, en hy laat aan haar ‘n hologramboodskap wat sy later sal speel. Terug by die woonstel, sluit Sybella die woonstel met haar DNS-vingerkode oop. Die meisie wat sy gered het, slaap nog. In die hologramboodskap bied Lilith Rox Sybella ‘n pos by haar maatskappy, **Biotron Babas** aan.

Die volgende oggend ruik Sybella koffie toe sy wakker word. Die meisie, **Yala Uba**, het koffie gemaak. Yala vertel aan Sybella dat sy van die Kongo kom, maar na Suid-Afrika gevlug het. Later sê Yala dat haar ma en pa in die 2040-Wateroorloë dood is. Sy en haar jonger boetie is weeshuis toe.

Sybella gaan na Jax se woonstel, maar hy is weg, so ook die dinge wat vir Jax kosbaar was.

Sybella en Yala gaan na Zonga’s en **Meliwami**, die eienaar van Zonga’s, is bekommerd oor Sybella wat ‘n onwettige immigrant in haar woonstel wegsteek. Tog bied Meliwami later vir Yala ‘n werk

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

as kelnerin aan; die middagskof waar daar minder kans is dat sy deur die hommels raakgesien sal word.

Sybella kom die afspraak met Lilith na. Sy oorweeg egter nie om die werksaanbod te aanvaar nie. Een aand in Sybella se woonstel in Eastwood, sien Yala en Sybella 'n foto van Jynna op Biotron babas se webwerf. Dit veroorsaak dat Sybella besluit om wel Lilith Rox se aanbod as laboratorium-assistent te aanvaar. Wat Sybella nie geweet het nie, is dat hierdie werk spesiaal vir haar geskep is – Lilith stel belang in iets wat net Sybella aan haar kan gee.

Sybella besluit om tyd in te ruim om in Biotron rond te snuffel en oor Jynna uit te vra, in 'n poging om Jynna op te spoor. Sy ontmoet **Naemi**, een van die skoonmakers wat ook Lilith se kantoor skoonmaak. Sybella vra haar of sy een aand saam na Lilith se kantoor kan gaan. Die aand in Lilith se kantoor laat Naemi vir Sybella alleen. Terwyl Sybella soek, hoor sy iets. Sy kyk op en sien 'n meisie wat horings op haar kop het, **Zuri**. Zuri nooi Sybella na haar woonstel onder die Biotron-laboratoriums uit. Sybella erken wat sy eintlik by Biotron soek, en Zuri onderneem om haar te help. Zuri sê dat sy en haar broer **Kai** geneties-gemodifiseerde kinders is.

Intussen maak **Seth**, Sybella se vorige kêrel, weer sy verskyning. Hy het haar met **Haldi** verkul, maar sê dat hy weer met Sybella 'n verhouding wil hê.

Zuri vertel aan Sybella dat haar suster, Jynna, wel by Biotron gewerk het, maar verdwyn het en vermoedelik in Bryanston is. Sybella neem verlof om na Jynna te gaan soek. Seth loop Sybella in Bryanston raak en, op Lilith se versoek, plaas hy 'n opspoorder agter haar nek. Sybella spoor Jynna in Kensington op, maar Jynna herken Sybella nie. Verder wil **Ryder,** die man wat Jynna huisves, Jynna se uitstaande huurgeld by Sybella hê voordat Jynna saam met haar kan gaan – geld wat Sybella nie het nie, maar by Yala, wat weer aan 'n hokgeveg deelgeneem het, leen.

Die volgende dag toe Sybella in Kensington opdaag om Jynna saam met haar te neem, daag Lilith ook daar op en met 'n pistool teen Jynna se kop neem Lilith vir Jynna daar weg.

Nadat Sybella weer op die VirEwigEk-webwerf na haar ma se bladsy gegaan het, besef sy dat sy na Biotron moet gaan sodat Lilith nie weer kan wegkom met moord nie.

Teen die einde van die roman is Sybella en Yala in die park. Sybella gee Yala 'n e-treinkaartjie om by haar broer te gaan kuier en ook 'n ID-dokument.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

LITERÊRE BEGRIPPE

Jy behoort die volgende aspekte in die roman te bestudeer (Gr.9):

Titel van die roman • *Hoe sluit die titel by die roman se inhoud aan?* • *Hoe bepaal die lokteks op die voorblad die leser se verwagting van die romaninhoud?*
Genre* en tipe • *In watter genre sal jy die roman plaas?* * genre verwys na die soort of tipe roman, *Donkerbloed* kan as 'n wetenskapsfiksieroman beskou word.
Intrige, sub-intriges (standpunt, stygende spanningslyn, konflik, klimaks, afnemende spanningslyn/antiklimaks, ontknoping/oplossing, vooruitskouing en terugskouing) • *Het jy die romaninhoud deeglik onder die knie? Het jy die roman deurgelees?* • *Weet jy wat gebeur telkens volgende in die roman? Wat het die gebeure voorafgegaan? Weet jy waarom iets gebeur?*
Konflik • *Wat is innerlike konflik? En uiterlike konflik?* • *Watter karakters ervaar innerlike/uiterlike konflik?* • *Wat is die oorsaak van die konflik?* • *Word die konflik opgelos?*
Karakters • *Ken jy elke karakter op die naam? Word die naam korrek gespel?* • *Weet jy wat is die verwantskap tussen die karakters?* • *Wat is die interaksie van die karakters met mekaar? Hoe beïnvloed een karakter se woorde/ dade/handeling 'n ander karakter?* • *Oor watter karaktereienskappe beskik elke karakter?* • *Vind daar karakterontwikkeling by 'n karakter plaas?* • *Hoe word die karakters deur die milieu/agtergrond beïnvloed?*
Karakterisering • *Hoe word die karakters gekarakteriseer? M.a.w hoe word hulle beskryf, hoe tree hulle op, wat is hulle belangrikste kenmerke, ens.*
Rol van verteller • *Wat is die vertellersperspektief? Wat is die voordeel/nadeel van hierdie vertelpersektief in elke situasie?*
Boodskappe en temas • *Wat is die tema van die roman?* • *Watter boodskap kan jy as leser uit die roman/tema aflei?*
Agtergrond, ruimte en verwantskap tussen karakter en tema • *Wat is die agtergrond en milieu van die roman?* • *Watter invloed het die agtergrond/milieu op die karakters (veral die belangrike karakters)?* • *Wat is die invloed van die agtergrond en milieu op die tema van die roman?*
Atmosfeer, ironiese kinkel/einde • *Watter atmosfeer heers in die verskillende situasies en wat dra tot die atmosfeer by?*
Spanning en verrassing • *Wat veroorsaak die spanning in die situasies?*

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Jy behoort die volgende aspekte in die roman te bestudeer (Gr.10):

Titel van die roman • *Hoe sluit die titel by die roman se inhoud aan?* • *Hoe bepaal die lokteks op die voorblad die leser se verwagting van die romaninhoud?*
Intrige en subintrige/spanningslyn • *Het jy die romaninhoud deeglik onder die knie? Het jy die roman deeglik deurgelees?* • *Weet jy wat gebeur telkens volgende in die roman? Wat het die gebeure voorafgegaan? Weet jy waarom iets gebeur?* • *Ken jy die bou van die roman? Kan jy die romaninhoud op die bou van die roman van toepassing maak?* • *Ken jy die bykomende verhaallyne?*
Karakter en karakterontwikkeling (karakterisering) • *Ken jy elke karakter op die naam? Word die naam korrek gespel?* • *Weet jy wat is die verwantskap tussen die karakters?* • *Wat is die interaksie van die karakters met mekaar? Hoe beïnvloed een karakter se woorde/ dade/handeling 'n ander karakter?* • *Oor watter karaktereienskappe beskik elke karakter?* • *Vind daar karakterontwikkeling by 'n karakter plaas?* • *Is 'n karakter vir sy/haar eie ondergang verantwoordelik? Hoe? Hoekom?* • *Hoe word die karakters deur die milieu/agtergrond beïnvloed?* • *Ervaar die karakter innerlike/uiterlike konflik? Wat is die aard van die konflik? Word dié konflik opgelos?*
Innerlike en uiterlike konflik • *Wat is innerlike konflik? En uiterlike konflik?* • *Watter karakters ervaar innerlike konflik? Wat is die aard van die innerlike konflik? Word die innerlike konflik opgelos? Het hy/sy tot insig gekom?* • *Watter karakters ervaar uiterlike konflik? Wat is die aard van die uiterlike konflik? Word die uiterlike konflik opgelos?*
Rol van die verteller • *Wat is die vertellersperspektief? Wat is die voordeel/nadeel van hierdie vertelpersektief in die situasie?*
Temas en boodskappe • *Wat is die tema van die roman?* • *Watter boodskap kan jy as leser uit die roman/tema aflei?*
Agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema • *Wat is die agtergrond en milieu van die roman?* • *Watter invloed het die agtergrond/milieu op die karakters (veral die belangrike karakters)?* • *Wat is die invloed van die agtergrond en milieu op die tema van die roman?*
Stemming, ironiese wending/afloop • *Wat is die stemming van die roman/verskillende tonele/teksgedeeltes?* • *Is daar 'n ironiese wending in die roman? Wat is die ironiese wending?*
Tydsverloop (chronologies, terugflitse, tydspronge) • *Hoe word die verhaal aangebied: chronologies/terugflitse/hede/verlede?* • *Wat is die funksie/voordele/nadele van dié aanbieding t.o.v. tydsverloop?*

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

INTRIGE EN SUBINTRIGE/SPANNINGSLYN

Die **intrige** van ’n roman verwys na die reeks gebeurtenisse in ’n verhaal wat tot ’n klimaks lei en in die ontknoping opgelos word. Intrige vra die vraag: "Waarom gebeur dit?", teenoor die narratief wat vra: "Wat gebeur volgende?". Die basis van intrige is konflik, waar die karakter(s) met 'n situasie gekonfronteer word wat teen die einde van die verhaal opgelos word.

Intrige is die onderlinge verband tussen die hoofgebeure in die teks; dit het met meer as net die reeks van gebeure te doen.



Daar word ook na die struktuur van die intrige verwys:

- **eksposisie** is wanneer agtergrondinligting gegee word. Die leser word aan die verhaalgebeure en die karakters, veral die hoofkarakter, bekendgestel. Gewoonlik word die hoofintrige bekendgestel.

  Die eksposisie in *Donkerbloed* geskied in Hoofstuk 1 tot Hoofstuk 6. In die eksposisie word die milieu bekendgestel. Die ruimte waar die roman afspeel is onder andere Sunnyside,

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sybella se woonstel in Eastwood en ook Zonga's. Sunnyside is 'n tipiese kuierbuurt en dis hier waar Sybella vir Yala ná 'n hokgeveg vind en na haar woonstel neem. Sybella woon in Eastwood in 'n woonstel. Zonga's is 'n klub wat Sybella veral die afgelope twee jaar baie gereeld besoek.

Dat die roman in die toekoms afspeel, word duidelik in die woorde en gebeure tydens die eksposisie weergegee. Die leser lees van **polisiehommeltuie** wat die polisie in hul patrollies gebruik, **hologramnaamborde**, en **avatarklubs** waar elke klubganger vir die tyd in die klub 'n avatar kies en nie dan meer lyk soos hulle eie, fisiese self nie. Verder flits boodskappe op 'n ingeplante **polspaneel** en mense stuur **gedagtetekste** of videotekste aan mekaar. Mense kan ook direk op mekaar se **gedagtelyne** toegelaat word en só 'n boodskap vir die persoon stuur deur daaraan te dink.

Verder word belangrike newekarakters deur die verteller bekendgestel: **Yala**, **Meliwami**, **Jax** en **Jynna**. Die intrige word bekendgestel. Sybella kom tot die hokvegter Yala se redding terwyl sy op pad na Zonga's is om meer inligting oor haar ma en Jynna by Jax te kry, wat in Zonga's op haar wag. Jynna het 'n pop, Thys, wat kosbaar vir Sybella is. Die pop is kosbaar omdat dit Jynna se gunstelingspeelding was as kind.

- Die **motoriese moment** is iets wat gebeur om die verhaalgebeure aan die gang te sit, daardie insident wat die begin van konflik (innerlike en uiterlike konflik) in die verhaal is. Nadat Sybella die foto van Jynna op Biotron se webwerf sien, besluit sy om die werk by Biotron se Aqua-laboratorium te aanvaar. Sybella wat die pos by Biotron aanvaar (2021:65), is dan die insident wat die onomkeerbare begin is van die reaksie tussen die protagonis en die antagonis, die begin van die konflik tussen Sybella en Lillith.

- **ontwikkeling/verwikkeling** sluit die verloop van die verhaal in wat tot die klimaks lei (Hoofstuk 8 tot Hoofstuk 25). Die intrige en sub-intrige kom duideliker in die verwikkeling na vore.

  Die soeke na die waarheid (**intrige**) oor wat met Sybella se ma en suster gebeur het, is op die voorgrond. Die wyse waarop die soektog verloop (Sybella wat in Biotron rondsnuffel as die werkers in die aand huis toe gaan) vorm deel van die verwikkeling. Die hulp wat die

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

newekarakters verleen, kom ook in hierdie deel van die romanstruktuur voor: Naemi wat Lilith se kantoor oopsluit sodat Sybella in die kantoor na leidrade kan soek en Zuri met haar rekenaarkennis wat in die rekenaarstelsels inligting probeer opspoor.

Verder word die newekarakters se verhaal, die **subintrige**, ook in die verwikkeling deur die verteller vertel. Die nagevolge van Zuri en Kai wat genmodkinders was, wat tot hul vreemde fisiese voorkoms gelei het, en dat Zuri vir Lilith afpers met die kennis wat sy van Cedric het, is deel van hierdie fase in die romanstruktuur. Die invloed wat Biotron Babas op Yala die hokvegter het, word vertel: Yala en haar broer is nie perfek soos die genmodkinders van Biotron nie, en word daarom nie aangeneem nie en moet in die weeshuis bly. Dit is dan ook die rede waarom Yala aan hokgevegte deelneem, om geld te verdien. Verder kom die liefdesverhaal van Sybella en Seth na vore. Die leser lees dat hulle voorheen, toe Sybella sestien was, 'n verhouding gehad het, maar dat Seth haar met Haldi verkul het. Ook dat Seth die verhouding met Sybella wil hervat.

- **klimaks** of **konflik** is die mees intense oomblik in die verhaal (Hoofstuk 26). Dit sentreer gewoonlik om die hoofkarakter.

  Lilith wag Sybella by Biotron in. Cedric spuit haar met 'n verdowingsmiddel in en plaas haar op 'n vlekvrye staaltafel gereed om Sybella se beenmurg te tap en haar met *Plasmodium* te besmet. Jax en Zuri kom om Sybella te red. Cedric sterf tydens sy geveg met Jax, en Lilith vlug nadat sy met 'n geteikende DNS-geen van Sybella en Zuri gemodifiseer is.

- **afwikkeling** dui op die gebeure wat ná die klimaks volg. Dit is wanneer die ontknoping van die verhaalgebeure begin (Hoofstuk 27). Die nuushoofkoppe basuin die nuus van die skandaal waarin Lilith en Biotron betrokke is uit en ook die moorde wat Cedric gepleeg het. Niemand weet egter waarheen Lilith verdwyn het nie. Sybella-hulle kry nuus vanaf Jax dat Jynna gevind is. Later gaan die vriende na Zonga's en Seth kom na hul tafel aangeloop. Sybella vra dat hulle by 'n leë tafel kan praat, en sy het die moed om aan Seth te sê dat hulle nie die verhouding gaan hervat nie, want hy en Haldi het steeds 'n verhouding. Sybella vertel aan die groep dat Lilith nie regtig weggekom het sonder dat daar vir haar nagevolge gaan wees nie. Sybella vertel dat sy die BS3y-geen het wat haar

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

lank gaan laat leef, die rede waarom Lilith haar en Jynna se beenmurg en bloed onttrek het. Sybella het egter haar en Zuri se genetiese materiaal gebruik om te veroorsaak dat Lilith lank sal leef en dieselfde velsiektes as die genmodkinders sal hê. Daar word ook agtergrond van Cedric gegee, dat sy neuronet sy hart gaan laat staan het, en hierdie defek die rede is waarom die weermag hom vroeër uitgeskop het.

- **die ontknoping**, samevatting en samebinding van die los drade kan in Hoofstuk 29 gevind word. Sybella en Yala is in die park. Yala gaan die nuwe tak van Zonga's bestuur. Jynna het weer by die Etswagoli Skoolkollege ingeskryf en lyk gelukkig. Sybella het vrede met haar en Seth se die verbreekte verhouding gemaak en sy beplan om Biogenetiese Ingenieurswese te gaan studeer na Sybella, Jynna en Yala in Kleinmond met vakansie gaan. As laaste geskenk het Zuri 'n ID-dokument vir Yala gekry, en Sybella gee aan haar 'n e-treinkaartjie om by haar broer te gaan kuier. Nadat Sybella nie weer met 'n AquaLumen-tatoeëerpen enige tatoe wou teken nie, teken sy oor die verminkte tatoeëermerke op Yala se arms.

Subintrige verwys na die ondergeskikte situasie waarop die verhaal gebaseer is. In *Donkerbloed* vorm die volgende deel van die subintrige:

- Sybella en Seth se liefdesverhaal en Seth se ontrouheid
- Zuri en Kai as genmodkinders
- Yala se verhaal as hokvegter wat uiteindelik 'n tak van Zonga's gaan bestuur

KARAKTER EN KARAKTERONTWIKKELING

In 'n roman is daar gewoonlik 'n **hoofkarakter**, die karakter om wie die verhaal wentel. DIe ander karakters word die **newekarakters** genoem.

Karakterontwikkeling vind plaas wanneer die karakter verander en op 'n nuwe manier dink of optree. Wanneer 'n karakter karakterontwikkeling ondergaan, word die karakter 'n ronde karakter genoem, andersins is dit bekend as 'n plat karakter.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Sybella is die **hoofkarakter**, **protagonis**, en die romangebeure draai om Sybella wat op soek is na die waarheid rondom haar ma en suster, Jynna, se dood. Die hoofkarakter, Sybella, het karakterontwikkeling ondergaan en staan dan as ‘n **ronde karakter** bekend.

Sybella het vrede met haar ma se dood gemaak, insig gekry dat ‘n verhouding met Seth nie geslaagd sal wees nie, en weet nou wat sy met haar lewe wil maak (Biogenetiese Ingenieurswese studeer). Dus het sy **karakterontwikkeling** ondergaan en is ‘n ronde karakter.

Die ander karakters is **newekarakters** wat die hoofkarakter in die verhaal belig. In *Donkerbloed* is die belangrike newekarakters Lillith Rox, Cedric Morton, Meliwami, Seth, Yala, Zuri, Naemi en Kai.

Seth kan as ‘n **plat karakter** beskou word, want hy het nie karakterontwikkeling ondergaan nie. In die begin van die roman word Seth leer ken as iemand wat onbetroubaar is, omdat hy Sybella met Haldi verkul het. In die loop van die romangebeure is dit duidelik dat Seth steeds nie vertrou kan word nie. Hy plaas ‘n opspoorder op Sybella en toon geen berou wanneer hy sê dat hy die geld nodig het nie. Hy bly steeds in die verhouding met Haldi met die verskoning dat hy vir beide haar en vir Sybella omgee, toe Sybella hom konfronteer. Hy bly dus onbetroubaar.

Lilith is ‘n newekarakter, die **antagonis** teenoor Sybella, die **protagonis**. Lilith wil Sybella uiteindelik doodmaak as sy Sybella se beenmurg onttrek het wat haar met die modifikasie van ‘n geen vir langlewendheid sal help. Lilith het nie in die loop van die roman karakterontwikkeling ondergaan nie, dus is sy ‘n plat karakter.

Volgens *Literêre Terme en teorieë* (1992) staan die **tritagonis** tussen die strydende partye, maar kan ook verskillende rolle vervul; soos byvoorbeeld as oorsaak van die konflik, of as helper van een van die strydende partye. In hierdie geval sal Zuri en Cedric dan die tritagoniste wees wat vir Sybella en Lilith onderskeidelik van hulp is.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Karakterlys:

Sybella Francke	Die hoofkarakter wat in die loop van die roman 18 jaar oud word. Haar ma en Jynna is oorlede toe sy 16 jaar oud was. Sy is op soek na antwoorde oor wat met haar ma en Jynna gebeur het, en daarom aanvaar sy ’n pos by Biotron Babas. Sy woon in Eastwood in ‘n woonstel. Sy het kenmerkende merke op haar vel en haar gesig, byna soos sproete.
Jynna Francke	Sybella se suster wat twee jaar gelede (vermoedelik) saam met haar ma in ‘n lugtaxi-ongeluk omgekom het.
Lilith Rox	Die eienaar van Biotron Babas, ‘n maatskappy wat geneties gemodifiseerde babas met sekere eienskappe in ‘n laboratorium ontwikkel.
Yala Uba	‘n Hokvegter wat oorspronklik van die Kongo kom. Sybella snel haar een aand te hulp toe sy na afloop van ‘n hokgeveg beseer op die sypaadjie lê. Yala werk later as kelnerin in Zonga’s.
Meliwami Zonga	Die eienaar van Zonga’s, ‘n klub wat Sybella die afgelope twee jaar, na haar ma en suster se dood, besoek.
Cedric Morton	Die hoof van Biotron Babas se sekuriteit en ook Lilith se persoonlike lyfwag. Hy was een van die eerste kuborge wat deur die weermag gemodifiseer is.
Seth Denuys	Hy en Sybella was in ‘n verhouding, maar hy verkul haar met Haldi. Nadat hy sy erflating verkwis het, werk hy by ‘n stortingsterrein op Onderstepoort.
Naemi	Een van die skoonmakers in beheer van die bots wat by Biotron Babas werk wat Sybella een aand ontmoet. Sy sluit Lilith se kantoor oop sodat Sybella daar kan rondsnuffel.
Zuri B2	Sy (en haar broer) was vyftien jaar gelede van die eerste Biotron-genmodkinders.
Kai	Was saam met sy suster (Zuri) een van die Biotron-genmodkinders.
Jax Jakobz	Nadat sy ma aan longkanker dood is toe hy twaalf was, het Sybella se ma hom onder haar vlerk geneem.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Met die lees van die roman kan die leser sekere karaktereienskappe van ’n karakter aflei.

Karaktereienskappe van Sybella:

Aanhaling uit die roman waar die karaktereienskap afgelei kan word	**Karaktereienskap**
“Maar die meisie is in die moeilikheid, ek kan haar nie net los nie.” (2021:6)	Omgee vir ander
“Hy’s reg, ek’s nuuskierig gebore.” (2021:35)	Nuuskierig
“In hierdie huis bly daar ‘n . . . onwettige straatverwer.” (2021: 50)	Protes-kunstenaar
“Die AquaLumen-pen. Ek het twee jaar gelede die Internasionale Skolieretoekenning vir Innovering in DNS-studies gewen omdat ek die pen ontwerp het. Dit was op pad na my toekenningsbal dat Ma en Jynna verongeluk het.” (2021:42)	Intelligent
“‘Jammer my lugtyd is op . . . ek . . . kan nie,’ stamel ek. Iets sê vir my hy weet ek jok . . . Hy kan definitief sien ek bloos.’” (2021:15)	Eerlik
“Ek gee so vinnig as wat ek kan pad uit Zonga’s. Ek kan nie eens maak of ek dit kan hanteer dat hy hier is nie.” (2021:60)	Fyngevoelig

Karaktereienskappe van Lilith:

“Lilith lag sag, tevrede soos ’n kat wat nou net ’n vet mossie in sy kloue gegryp het.” (2021:44)	Gewetenloos
“Duidelik het sy alles wat ek gedoen het, goed nagevors.” (2021:45)	Noukeurig
“ Lilith mag mooi en bekwaam wees . . .” (2021:48) “Sy is die CEO van Biotron Babas.” (2021:16)	Bekwaam, toegewyd aan haar werk
“Ek is doodseker Lilith het gesê die vorige assistent is ektogenesislab toe. Waarom het sy gejok?” (2021:85)	Oneerlik
“En toe . . . toe besluit Lilith dis uiteindelik tyd om ons van kant te maak.” (2021:118)	Moordenaar
“ ’n Mens weet nooit wat om van Lilith te verwag nie. Een oomblik dreigend, die volgende oomblik . . . kry ’n mens bakke vol blomme.” (2021:139)	Onvoorspelbaar

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

KARAKTERISERING

Die skrywer gebruik taal (beskrywing en direkte woorde) om karakters te skep (**karakterisering**) en die leser leer ook die karakter ken deur die karakters in die roman se interaksie met mekaar. Die leser leer die karakter ken uit die handeling van die karakter, wat die karakter oor hom-/ haarself sê, wat ander karakters van die karakter sê, wat die verteller oor die karakter vertel, naamgewing en ook die wyse waarop die karakter konflik hanteer.

Taal van die karakter	Yala	Yala se gebroke Afrikaans karakteriseer haar as 'n immigrant (2021:21).
Interaksie met ander karakters	Sybella	Sy is nie gewoond aan jok nie, want as sy vir Cedric jok, bloos sy (2021: 15)
Handeling van die karakter	Naemi	Sy is 'n vrolike persoon wat ook hulpvaardig is (2021:78).
	Zuri	Zuri tree behulpsaam op toe sy eerder vir Sybella help om inligting uit te snuffel as wat Sybella probleme vir haarself veroorsaak (2021:115).
	Cedric	Cedric oortree wette met die insekhommels wat hy gebruik op soek na Jynna (2021:124). Cedric is 'n gevaarlike moordenaar (2021:125).
Wat die karakter oor hom-/ haarself sê/Wat ander karakters van die karakter sê.	Jax	Sybella sê dat Jax iemand is wat met mense in die onderwêreld meng (2021: 16). Jax is lojaal aan Sybella (2021:91).
	Lilith	Sybella beskryf Lilith as skatryk en mooi voordat sy haar ontmoet het (2021:16). Later beskryf Sybella vir Lilith as 'n gierige, skelm moordenaar (2021:118). Sybella noem Lilith gevaarlik en agterbaks (2021:146). Meliwami sê dat hy nie vir Lilith vertrou nie, en dat sy 'n geveinsde belangstelling in Sybella toon (2021:141).

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

	Yala	Sybella dink dat Yala taai is nadat sy vinnig van haar beserings herstel (2021:29). Yala word beskryf as dapper, iemand met 'n senuwees van staal en met 'n baie sterk wil, aangesien sy bereid is om 'n hokvegter te wees (2021:30). Yala sê dat sy van baie kleins af rats is, en daarom suksesvol met hokgevegte is (2021:32).
	Jynna	Sy het 'n eksentrieke smaak in klere (2021:28). Jynna is dapper, het 'n atletiese bou (2021:30).
	Meliwami	Yala beskou Meliwami as iemand na wie se raad mens kan luister (2021:35).
	Seth	Seth was 'n bedorwe rykmanseun wat sy erfgeld verkwis het (2021:68). Seth word as statusbewus deur Sybella beskryf (2021:68). Seth is intelligent, begaafd volgens Sybella (2021:68). Seth aanvaar nie verantwoordelikheid daarvoor dat hy Sybella met Haldi verkul het nie (2021:71).
	Sybella se ma	Sybella beskryf haar ma as talentvol en behulpsaam. Maar ook 'n sorgsame ma wat haar getroos het (2021:56).
	Zuri	Sybella besef dat Zuri 'n eerlike persoon is (2021:103).
	Cedric	Zuri beskryf vir Cedric as baie sterk, so sterk soos 'n luiperd en ook baie slinks (2021:125).
Wat die verteller van die karakter vertel/beskryf.	Meliwami	Hy het 'n gespierde donkerbruin bolyf. Hy lyk soos 'n aristokratiese prins uit Midde-Afrika (2021: 11).
Naamgewing	Spierman	Spierman word as groot en gespierd beskryf met arms wat so dik soos outydse dakbalke is (2021:5)

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

	Kwarteltjie (Sybella)	Sybella se ma het haar Kwarteltjie genoem toe sy klein was, aangesien haar vel soos die dop van 'n kwarteleier gelyk het (2021:21).
Wyse waarop die karakter konflik hanteer	Sybella	Sybella is saggeaard en vlug eerder uit Zonga's as om Seth te konfronteer.

UITERLIKE EN INNERLIKE KONFLIK

Konflik (stryd/botsing/worsteling) dui op die stryd, strydende begeertes of waardes wat tussen karakters en hul omstandighede, of tussen karakters ontstaan (**uiterlike konflik**), of die stryd wat binne die karakter self ontstaan **(innerlike konflik).**

Hier is enkele voorbeelde van konflik in die roman.

Uiterlike konflik:

Sybella sê aan Seth dat sy steeds gevoelens vir hom het, maar kan onmiddellik haar tong afbyt, aangesien sy dit nie wou sê nie (2021:107).
Nadat Sybella vir Ryder sê dat haar naam Sybella en nie Sproete is nie, druk Ryder sy vinger onder Sybella se neus terwyl hy aan haar sê dat sy die volgende dag die geld sal bring as sy weer vir Jynna wil sien (2021:169).
Lilith hou 'n pistool teen Jynna se kop en dreig Sybella deur te sê dat Sybella haar nie kan keer om saam met Jynna uit te loop as hulle dit wil oorleef nie (2021:185).
Jax raak in 'n geveg met Cedric betrokke om Sybella te red, waarna Zuri sy neuronet wou laat kortsluit, maar Cedric sterf (2021: 213).

Innerlike konflik:

Sybella is so emosioneel dat dit voel asof haar lyf water word en haar hart in yskoue strome oor die vloer vloei as sy vir Seth by Zonga's sien instap. Sy weet nie wat om te doen sodat Seth haar nie raaksien nie. As sy opstaan en uitstap, gaan hy haar sien, en as sy bly sit, gaan hy haar ook sien. (2021:59)

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Sybella beleef innerlike konflik oor Seth. Sy mis hom, en wens party dae dat sy hom nooit leer ken het nie. Omdat Seth haar met Haldi verkul het, kon sy nie met haar beste vriendin oor Seth se ontrouheid praat nie. (2021:62)
Sybella wonder waarom sy ja gesê het, wat sy in die restaurant doen nadat Seth haar uitgenooi het, nadat sy drie dae oor haar antwoord gewroeg het (2021: 66).
Sybella voel skuldig oor haar ma en Jynna se dood. Sy voel dat sy saam met hulle in die lugtaxi moes uitgebrand het, want sy het eerder verkies om saam met Seth na die toekenningsbal te gaan en nie saam met haar ma-hulle nie. (2021:69)

ROL VAN DIE VERTELLER

In ’n roman (anders as 'n outobiografie) is die skrywer nie aan in die verhaal aan die woord nie, maar word die verhaal deur 'n **verteller** vertel.

Daar kan 'n **eerstepersoonsverteller**, **alomteenwoordige verteller** en **derdepersoonsverteller** voorkom.

'n **Eerstepersoonsverteller** (ek-verteller) is wanneer die verteller een van die karakters in die roman is en gewoonlik word die verhaal uit daardie karakter se perspektief vertel. Die voordeel is dat die eie ervaring van die karakter weergegee word, en dat die karakter by die gebeure betrokke is, wat dit geloofwaardig maak. Die nadeel is dat die verhaal slegs uit die een karakter se perspektief vertel word.

'n **Alomteenwoordige verteller** staan buite die verhaal, is nie 'n karakter in die verhaal nie, en weet wat al die karakters dink en voel. Dié verteller is alwetend. Die alomteenwoordige verteller is op elke plek, in elke ruimte en tyd teenwoordig.

Die **derdepersoonsverteller** is nie alwetend nie en beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters in die verhaal of ’n persoon wat buite die verhaal staan en nie deel is van die verhaal nie. Hierdie verteller vertel wat hy/sy waarneem. Die nadeel is dat die ander karakter se emosies en gevoelens nie weergegee kan word nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sybella is die verteller in die roman – sy is die ek-verteller of eerstepersoonsverteller. Ons hoor dus die verhaal uit haar **vertellersperspektief.** Die voordeel daarvan is dat die leser weet hoe Sybella dink, wat die rede vir haar handeling is. Die nadeel is egter dat die ek-verteller nie weet wat die ander karakters dink nie, is nie alwetend nie, en kan net die verhaal vertel waar die ek-verteller teenwoordig is.

Aan die begin van die roman is Sybella in Zonga's waar sy vir Jax wag om vir haar meer inligting oor haar ma en Jynna se dood te bring. Die kuborg, Cedric, verskyn skielik langs haar en praat met haar (2021:14). Die volgende is voorbeelde van die voordele en nadele van hierdie vertelling se ek-verteller:

- Die ek-verteller noem dat Cedric vir Meliwami ignoreer asof hy maar net 'n kroegman is. Dis die waarneming van die verteller, Sybella, maar daar kan 'n ander verklaring daarvoor wees dat hy Meliwami ignoreer. Dus weet die ek-verteller (Sybella) nie die ware beweegrede vir die handeling nie.
- Die ek-verteller sê dat sy soos 'n dogtertjie voel wat alleen op 'n verlate metrostasie in die middle van die nag is. Hierdie is 'n voordeel van die ek-verteller, want die emosionele belewing van die verteller kan weergegee word.
- Die verteller noem dat Meliwami langs haar versteen toe Cedric na haar staar (2021:15). Die leser neem aan dat dit Meliwami se reaksie op Cedric is wat na Sybella staar, maar die ek-verteller kan nie die ware rede weet waarom Meliwami versteen nie.

TEMAS EN BOODSKAPPE

TEMAS

Die **tema** is die sentrale idee van die roman en 'n teks mag meer as een tema hê. Die tema van die verhaal is nie noodwendig vanselfsprekend nie.

Een van die temas in *Donkerbloed* is Sybella se soeke na waarheid en die gevolglike prys wat sy daarvoor gaan betaal. Ander temas is: die gierigheid van die mens, die waarde van vriendskap, genetiese redigering, klimaatsverandering en die toekomswêreld.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Sybella se soeke na die waarheid as tema

Nadat Sybella die foto van haar ma en Jynna op Yala se skootrekenaar sien wat op Biotron se webwerf geplaas is, aanvaar sy die werksaanbod van Lilith Rox om die waarheid oor haar ma en suster se dood uit te vind (2021:65). Sybella was onder die indruk haar ma en suster het in ‘n lugtaxi wat uitgebrand het, gesterf.

Sy eet in die kafeteria by Biotron, maar sien dit as ‘n geleentheid om Jynna se foto aan haar kollegas in die kafeteria te wys om uit te vind of hulle vir Jynna gesien het (2021:77). Sybella werk saans laat in die Aqua-laboratorium, maar dis eerder omdat sy saans in Biotron wil rondsnuffel op soek na antwoorde (2021:78). So ontmoet sy vir Naemi, wat in beheer van die vloot robotte is wat elke aand die gange, kantore en laboratoriums skoonmaak. Naemi is ook die een wat self saans die ektogenesis-laboratorium en Lilith se kantoor skoonmaak, en Sybella sien dit as die ideale geleentheid om haar te vra om saam te kan gaan sodat sy kan rondsnuffel (2021:83) op soek na antwoorde.

Die ektogenesis-laboratorium is die hart van Biotron Babas waar die fetusse en babas wat geneties gemodifiseer is, in kunsmatige uterusse groei en gemonitor word (2021: 85). Sybella vra ook om in ‘n ander laboratorium toegelaat te word, en kom agter dis waar petribakkies met *Plasmodium falciparum* angehou word (2021:86). Albei hierdie laboratoriums speel ‘n rol in Sybella se soeke na die waarheid. Sy self het ’n mutasie op haar BS3y-geen wat langlewendheid veroorsaak, dit is waarom Lilith die lugtaxi-ongeluk gereël het sodat sy (Lilith) dié geen kan onttrek en oorplaas in die geneties-gemodifiseerde babas. Lilith was dan ook van plan om Sybella met *Plasmodium falciparum* te besmet nadat sy van haar beenmurg onttrek het om die geen te kry, wat Sybella sou laat sterf – die waarheid waarom dié parasiete aangehou word, sou Sybella teen die einde van die roman besef toe Lilith haar daarmee wou inspuit.

Later by Biotron gaan Sybella saam met Naemi toe sy Lilith se kantoor moet gaan skoonmaak. Sybella wil in die kantoor rondsnuffel in ‘n poging om ‘n leidraad oor Jynna te kry (2021:99). Terwyl sy en Naemi in Lilith se kantoor is, het ‘n diensbot ’n kortsluiting, waarna Naemi Sybella alleen in Lilith se kantoor agterlaat. Sybella soek in laaie, kabinette en ook Lilith se lessenaar. Terwyl sy besig is om te soek, hoor sy iemand asemhaal, ‘n meisie met horings, Zuri (2021:101). Zuri wil weet wat Sybella daar soek en hulle gaan na haar woonstel onder Biotron se laboratoriums.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sybella en Zuri gaan na ‘n avatarklub waar Zuri aan Sybella die waarheid omtrent die eerste genmodkinders vertel waarvan sy en haar broer Kai deel is (2021:111). Lilith wou die karaktereienskap “superslim” op haar kieslys vir die babas plaas, maar het nie die gevolglike immuunsiekte en velprobleme voorsien nie (2021:111). Dis waar Zuri se horings en haar broer se velsiekte vandaan kom.

In die avatarklub begin Sybella die waarheid oor haar suster uitvind. Zuri erken dat sy weet wie die meisie op die foto is (Jynna) en dat sy so ses maande gelede by Biotron gewerk het (2021:113). Sybella besef dat dit waarskynlik is dat Jynna nog leef. Sy besef dat dit moontlik nie die waarheid is dat twee mense in die taxi-ongeluk doodgebrand het nie, en die vraag oor hoe Jynna by Biotron Babas beland het, wil Sybella ook beantwoord (2021:113).

Sybella hoor by Zuri dat Jynna waarskynlik in Bryanston is, en Sybella besluit om om verlof aansoek te doen sodat sy na Jynna kan gaan soek (2021:133). Voordat sy na Jynna kan gaan soek, beland Sybella in die hospitaal nadat ‘n man wat teen haar gestamp het, haar vermoedelik bedwelm het (2021:134).

Nadat Sybella uit die hospitaal ontslaan word, gaan sy na Bryanston om na Jynna te soek en die waarheid van die taxi-ongeluk by Jynna te hoor. Sy soek eers in gesellinklubs na Jynna, maar is nie suksesvol nie (2021:158). Toe Sybella uit Melt Chocolaterie stap, waar sy vir Seth ontmoet het, sien sy Jynna oorkant die straat stap (2021:163). Sybella hardloop agter haar aan en vind haar uiteindelik in Kensington, by ‘n huis waar sy saam met ander meisies onder “beskerming” van Ryder woon. Jynna ly aan geheueverlies en kan nie Sybella of die taxi-ongeluk onthou nie (2021:167). Sybella moet veertigduisend rand uitstaande huurgeld van Jynna aan Ryder betaal as sy haar weer wil sien.

Die volgende dag toe Sybella die geld na Kensington neem, daag Lilith ook op en dwing Jynna met ‘n pistool teen die kop om saam met haar te gaan (2021: 184). Sybella besef dat Seth ‘n opspoorder op haar geplant het, en dat sy nie nou huis toe kan gaan nie.

Die aand teken Sybella weer op VirEwigEk se webwerf in, en nadat sy haar ma se proefskrif gelees het, besef sy ‘n deel van die waarheid. Lilith het haar ma vermoor en Jynna ontvoer in ‘n poging om toegang tot die BS3y-geenmutasie te kry wat Sybella en Jynna vermoedelik het. Lilith wil dit

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

gebruik om langslewendheid as ‘n eienskap te voeg by die kenmerke wat Biotron Babas aan voornemende ouers bied.

BOODSKAPPE

Die **boodskap** is die persoonlike les of morele gedagte wat iemand uit die teks leer. Die boodskap sal nie noodwendig dieselfde vir almal wees nie, maar behoort binne konteks dieselfde strekking te hê.

AGTERGROND EN MILIEU EN INVLOED DAARVAN OP KARAKTERS

Milieu verwys na ruimte en tyd. Die **ruimte** verwys na die plek en die omstandighede waarin die roman afspeel.

Die roman *Donkerbloed* speel in Etswagoli af en begin waar die hoofkarakter die beseerde meisie in Sunnyside vind. Daarna speel die roman in verskillende ruimtes af; onder andere in Eastwood waar Sybella in ’n woonstel woon, Zonga's in Sunnyside, die klub waar Sybella haar vriende ontmoet en Biotron Babas in Sandton waar Sybella as laboratoriumassistent werk. Daar is ook ander ruimtes in die roman, soos byvoorbeeld Bryanston waar na Jynna gesoek word en Kensington waar Jynna gevind word.

Die roman begin waar Sybella in Sunnyside is. In Sunnyside is daar polisiehommeltuie wat patrollievlugte oor die woonbuurt uitvoer (2021:1), daggakafees en avatarklubs wat met hologramnaamborde adverteer word (2021:1) en daar vind hokgevegte plaas (2021:2). Verder is Sunnyside bekend vir sy plesierhuise (2021:7).

As tweejarige kind het Sybella saam met haar ouers in 'n groot wit huis in Eastwood gewoon (2021:16). Dié huis is egter deur die Etswagoli-stadsraad oorgeneem en onderverdeel toe behuising 'n krisis geword het. Sybella en haar ma kon ’n deel van die tuin behou, en sedertdien woon Sybella in ‘n deel van die oorspronklike huis as ‘n woonstel (2021:36)

Bryanston is die buurt in Etswagoli wat die berugste is vir sy gesellinklubs (2021:123). Dis ook hier waar Meliwami ’n woonstel het wat sy pa nie aan die regering verklaar het nie en dus nie op die

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

stadsrekenaarstelsel geregistreer is nie (2021:131). Daar was 'n behuisingstekort wat veroorsaak het dat die huiseienaars se huise deur die regering oorgeneem is sonder vergoeding. Meliwami stel die woonstel aan Sybella beskikbaar om in te woon terwyl sy na Jynna soek.

Jynna word uiteindelik in Kensington gevind. Kensington B is berug vir bendemoorde, daar is koeëlgate in die mure van die huis. Dis ’n gevaarlike woonbuurt waar mense helder oordag aangeval word (2021:164).

Muckleneuck is nou ’n vervalle woonbuurt. Die eertydse Unisa universiteitsgeboue daar, is in klein, beknopte regeringswoonstelle onderverdeel vir arm stadsbewoners (2021:94). Sybella gaan snags na Muckleneuck om haar proteskuns op mure aan te bring.

In Mamelodi is daar krotbuurte (2011:22) waar mense soos blindemolle ondergronds leef. In Mamelodi is die gemeenskap baie arm en kan nie mediese nanobots bekostig nie, wat veroorsaak dat die inwoners nie hulself teen infeksie kan beskerm nie, maar sterf. Verder is die woonbuurt gevaarlik met messtekery wat plaasvind.

Die verskillende aspekte in die ruimte wat deur die verteller geskep word, ondersteun die milieu waarin die roman afspeel (die jaar 2045). In hierdie ruimte is daar byvoorbeeld polisiehommeltuie (2021:1), polspanele wat boodskappe flits (2021:4) en gedagtetekste wat gestuur en ontvang word (2021:4). Verder kan mense geneties gemodifiseer word of ook tegnologies verander word, wat as XtraTrans-mense bekend staan (2021:10). Daar word in hierdie ruimte lugtaxi's gehaal om tussen woonbuurtes te reis (2021:39).

Die roman speel teen die agtergrond van ’n behuisingstekort in 2045 af en teen die agtergrond van die mens wat ’n negatiewe invloed op die omgewing het. So is die paddavisse en naaldekokers wat in die visdam by Sybella-hulle se ou huis gebly het, nou weg; besoedeling en klimaatsverandering het ’n rol gespeel (2021:16).

Die klimaatsverandering het ook daartoe gelei dat groot dele van die land in ’n semi-woestyn verander het. Die verteller noem dat Karoovetplante kort buite Brakpan gepluk kan word, en dat dit een van die redes vir Etswagoli se oorbevolking is. Mense stroom na die stad (2021:23). Yala

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

verwys na die Wateroorloë van 2040 waar die stamme in die Kongo (waar Yala vandaan kom) teen mekaar oorlog gevoer het om beheer oor die Ingadamme te verkry (2021:27).

Sybella protesteer met haar kuns oor die uitwissing van diere, oor die feit dat dierespesies uitgesterf het omdat dat die regering nie teen wildstropery opgetree het nie. In die roman word daar melding gemaak dat die wildtuine verdwyn het, en van renosters en olifante wat gestroop word (2021:95).

Die **tyd** verwys na die spesifieke verbeelde tyd waarin die verteller bestaan en waarin die verhaal vertel word.

TYDSVERLOOP

Verteltyd en **vertelde tyd** kan onderskei word. **Verteltyd** dui op die aantal blasye van die roman, of dan die tyd wat in beslag geneem word om die verhaal te vertel. *Donkerbloed* se verteltyd is die 29 hoofstukke en 234 bladsye waaruit die roman bestaan.

Vertelde tyd is die tydperk waarin die gebeure afspeel. *Donderbloed* vind oor ‘n tydperk van net meer as twee maande plaas.

Verder kan die verhaal **chronologies** (die tyd in die verhaal volg op mekaar) of **achronologies** (die tyd volg nie opmekaar nie, maar hede en verlede kan mekaar afwissel en daar kan ook tydspronge en terugflitse wees) aangebied word.

Donkerbloed word chronologies aangebied, en dan is daar geleenthede waar Sybella oor die verlede dink, of aan die verlede herinner word.

Hoofstuk	**Ruimte en tyd**
1	Aand in Sunnyside en Sybella se woonstel in Eastwood
2	Later dieselfde aand as Hoofstuk 1 in Zonga’s en Sybella se woonstel in Eastwood
3	Die volgende oggend in Sybella se woonstel in Eastwood en Jax se woonstel in Sunnyside
4	Later dieselfde middag as Hoofstuk 3 in Zonga’s en tuin van Sybella se woonstel

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

5	By die Hatfieldstasie drie dae later, Lilith Rox se kantoor in Biotron Babas in Sandton en nag in Sybella se woonstel in Eastwood
6	'n Oggend in die park naby Sybella se woonstel en Zonga's
7	Dieselfde dag as Hoofstuk 6 in Zonga's en die volgende oggend en middag in Sybella se woonstel in Eastwood
8	Aand in Pastiche op 'n landgoed in die Krokodilrivervallei en later die aand by Sybella se woonstel in Eastwood.
9	'n Weeksdag na 'n week wat Sybella by Biotron werk, in die Biotron kafeteria, die Aqua-laboratorium en Lilith se kantoor, en die aand na-ure in Biotron se laboratoriums
10	'n Dag in Sybella se woonstel in Eastwood
11	Dieselfde nag as die dag in Hoofstuk 10 in Muckleneuck, die volgende Saterdagoggend in Sybella se woonstel in Eastwood, en 'n aand in Biotron.
12	Dieselfde aand in Biotron as in Hoofstuk 11, 'n volgende aand in Zonga's, die volgende aand in Biotron in Zuri se woonstel en later dieselfde aand in 'n avatarklub naby Biotron
13	Dieselfde aand as in Hoofstuk 12 in die avatarklub, 'n aand drie dae na die avatarklubbesoek, in Zuri se woonstel onder die Biotron laboratoriums
14	Dieselfde aand as in Hoofstuk 13 in Zuri se woonstel
15	Dieselfde aand as in Hoofstuk 13 in Zuri se woonstel, die aand van Sybella se verjaarsdag in die avatarklub, laatmiddag in Biotron en aand by die Hatfieldstasie.
16	'n Dag in die hospitaal 'n week later, twee dae na Sybella uit die hospitaal ontslaan is 'n paar dae later, in haar woonstel in Eastwood.
17	Dieselfde dag as in Hoofstuk 16 in Sybella se woonstel in Eastwood, later die aand in Zonga's, en terug die aand in Sybella se woonstel in Eastwood.
18	Die volgende oggend by die Sunnyside-polisiekantoor, dieselfde middag, aand en nag in Sybella se woonstel in Eastwood.
19	Dieselfde nag as in Hoofstuk 18 in Sybella se woonstel in Eastwood, die volgende dag in Bryanston by gesellinklubs en by Melt Chocolaterie.
20	Dieselfde dag as Hoofstuk 19 in Bryanston en Kensington.
21	Dieselfde dag as Hoofstuk 19 in Kensington by die huis waar Jynna opgspoor is, 'n halfuur later dieselfde dag in Sybella se woonstel in Eastwood.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

22	Dieselfde middag en aand as Hoofstuk 19, twee maande sedert Jax se verdwyning (Hoofstuk 2) in Sybella se woonstel in Eastwood.
23	Die volgende dag in Jynna se kamer in Kensington.
24	Dieselfde dag as Hoofstuk 23 in Kensington in die huis waarin Jynna gevind is, later die nag in Meliwami se woonstel in Bryanston.
25	Die volgende oggend in Meliwami se woonstel in Bryanston, later die aand in Biotron
26	Dieselfde aand as in Hoofstuk 25 in Biotron
27	Die volgende oggend in Meliwami se woonstel in Bryanston, 'n middag twee dae later in Zonga's
28	Dieselfde middag as in Hoofstuk 27 in Zonga's
29	'n Oggend in die park naby Sybella se woonstel

STEMMING, IRONIESE WENDING, AFLOOP

Die **stemming** van 'n teks verwys na die atmosfeer of emosie. Dit toon die karakter se gemoedstoestand en verwys ook na die atmosfeer wat deur die beskrywing geskep word.

Wanneer die verhaal 'n wending neem wat die teenoorgestelde is as wat die leser verwag, word dit 'n **ironiese wending** genoem.

Die verteller maak byvoorbeeld van musiek, blomme en die verwysing na diere gebruik om 'n bepaalde stemming te skep

Die eerste musiek waarna die roman verwys, is die New Age-musiek wat eerstens aansluit by die nuwe era, 2045, waarin die verhaal afspeel. Tweedens het dit 'n hipnotiese uitwerking op Sybella. Sybella dink dat die musiek pragtig is, maar haar tog ook omkrap, want terwyl die hologrambeelde die krotbuurte wegsteek, programmeer die musiek die karakters (mense) om die virtuele realiteit eerder as die werklikheid te glo (2021:40).

Nadat Zuri vir Sybella in Lilith se kantoor betrap, gaan Sybella saam met Zuri na haar woonstel waar 'n nuwe heavy metal-groep se musiek speel. Hierdie musiek sluit aan by die skok wat Sybella oor Zuri se horings ervaar het (2021:104).

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Die aand met Sybella se verjaarsdagviering in Zonga's word musiek uit die jare toet gespeel, wat 'n nostalgiese invloed op Sybella het. Die een liedjie, "Baby, I'm dancing in the dark with you between my arms …" laat Sybella aan haar en Seth se verhouding dink wat nou verbreek is (2021:128). Die liedjie "We should laugh, we should cry. We should love, we should dream. We should stare at the stars and not just the screens..." herinner Sybella aan haar eie jeugdigheid en drome, aan haar liefde vir en trane oor haar ma, en ook aan die natuur, in teenstelling met rekenaar- en ander skerms. (2021:131).

Ná Jax se terugkeer, kuier hy in Sybella se woonstel. Sy vra hom wat hy haar oor haar ma en Jynna se ongeluk (Jynna is nou amper sestien en die ongeluk was toe Sybella sestien jaar oud was) wou vertel voordat hy uit Zonga's weg is. Die liedjie, "You come on like a dream, peaches and cream. Lips like strawberry wine. You're sixteen …" van Ringo Starr word in die agtergrond gehoor.

Nadat Sybella Jynna gevind het, en Jax haar vertel het wat hy van die taxi-ongeluk weet, vra sy ook vir Zuri om in EtswagoliWings se besprekings van twee jaar gelede op die rekenaarstelsel te kyk of daar 'n verband met Cedric Morton is, sing Johnny Cash "I can see clearly now the rain has gone …"

Die verteller maak deur die loop van die verhaal van blombeskrywings gebruik. Lilith het parfuum aan wat ruik na witlelies, soet en swaar (2021:48). Toe Lilith vir Sybella in die hospitaal kom kuier, is Lilith se teenwoordigheid oorweldigend, nes die geur van die witlelies wat teen die rose kompeteer, terwyl die rose nie 'n kans het nie (2021:139). Nadat Lilith en Cedric vir Sybella in Biotron gekry het, en besluit om van haar beenmurg te trek en Sybella met *Plasmodium* in te spuit, ruik Sybella die witlelieparfuum. Witlelies word baie by begrafnisse gebruik en word dus gesien as die blom van die dood (2021:208). Die gevaar wat Lilith vir Sybella inhou, word deurlopend aan die witlelies verbind wat Sybella ruik as Lilith in die nabyheid is.

Daar is 'n verskeidenheid verwysings na die diereryk in die roman. Cedric se vel word met die van 'n pofadder vergelyk, grof en skubberig (2021:15). Cedric word vergelyk met 'n slang, een wat nie vertrou kan word nie, 'n moordenaar. Cedric word ook as 'n roofdier beskryf (2021:14) – hy sien Sybella as prooi en wil haar met die malariaparasiete besmet om te sterf. Sybella noem verder dat Cedric koue oë het, en nes 'n akkedis glimlag wat 'n afvlerk-muggie raaksien en sy tong spoeg

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

smeer (2021:82). Dit veroorsaak spanning by Sybella as sy wonder wat hy met sy oorvriendelikheid in die mou voer.

Die tatoeëermerk van die suikerbekkie wat Sybella op die voorkant van haar skouer het, is 'n herinnering aan Seth (2011:23). Sy weet sy moet Seth, en die tatoeëermerk, laat gaan, maar sy kan ook nie.

Meliwami beskou Lilith as ‘n glibberige seepaling (2021:140) met ‘n geveinsde belangstelling in Sybella. Sybella dink dat Meliwami nie eens alles van Lilith weet wat Sybella intussen uitgevind het nie. Later in Kensington probeer Sybella vir Jax met ‘n videoteks in die hande kry om hulle teen Lilith te kom help. ‘n Aar op Lilith se voorkop swel soos ‘n klein mamba (2021:187), weer die slangbeeld om die gevaar wat Lilith verteenwoordig uit te beeld.

Die jellievisse in die Aqualab lyk vir Sybella na ‘n droomwêreld waarna sy staar (2021:44). Lilith gebruik egter maanjellievisse om Sybella te manipuleer om by Biotron te kom werk, die droomwêreld verwys dan na die leuen om ‘n laboratorium te skep net sodat Sybella daar kan kom werk sodat Biotron iets van Sybella kan kry.

Die weemoedige tarentaalroep toe Sybella die hekkie van die huis in Kensington oopstoot om na Jynna te gaan, sluit by die toekomstige treurige gemoedstemming aan as Jynna met ‘n pistool teen haar kop deur Lilith ontvoer word, net toe Sybella vir Jynna vind.

Nadat Sybella haar suster gevind het, en die waarheid omtrent haar ma se dood en haar eie geenmutasie uitgevind het, het sy vrede, en is daar ‘n nuwe begin vir haar (studies in Biogenetiese Ingenieurswese), vir Jynna (ingeskryf by die Etswagoli Skoolkollege), en vir Yala (bestuurder van die nuwe Zonga’s). So sluit die groen blaartjies van die maroelaboom, die bome wat in die park bot, die plate kleur van die blomme in die park by die nuwe begin aan.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

AFDELING B: LEES

"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

• Toon aktiewe begrip van die teks.

• Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.

• Gebruik leesbegripstrategieë.

• Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

AFDELING C: POSTLEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

HOOFSTUK 1

Tyd: In die jaar 2045, 'n aand in Sunnyside, ongeveer 21:30 (dag 1)

Opsomming:

Sybella vind ’n beseerde hokvegter in Sunnyside en besluit om haar weg te steek sodat die polisiehommeltuie haar nie opmerk nie. Die tatoeëermerke en littekens laat Sybella besef dat die hokvegter ’n onwettige immigrant is en deporteer kan word as sy gevind word. Intussen is daar ook twee mans wat die hokvegter soek, nadat hulle haar vroeër buite gelos het. Alhoewel Sybella ’n afspraak met Jax het, stuur sy ’n gedagteteks dat sy laat gaan wees, en met die hulp van ’n bedelaarkind neem Sybella die hokvegter na haar woonstel in Eastwood. Sybella laat die hokvegter in haar woonstel agter terwyl sy haar afspraak met Jax by Zonga's nakom.

Kontekstuele vrae:

1.1 Waar in die struktuur van die roman pas Hoofstuk 1 in? Motiveer jou antwoord.

1.2 In watter ruimte begin die verhaal?

1.3 Haal woorde uit Hoofstuk 1 aan waar die skrywer van taal gebruik maak om 'n bepaalde milieu te skep.

1.4 Waarom probeer die hoofkarakter die hokvegter na die vullisdromme sleep? Watter karaktertrek kan jy uit hierdie handeling van die hoofkarakter aflei?

1.5 Bewys uit bladsy 3 – 4 van Hoofstuk 1 dat hierdie roman in die toekoms afspeel.

1.6.1 Wat is die aard van die konflik wat Spierman beleef?

1.6.2 Word hierdie konflik opgelos? Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.7 Waarom word die naam van die hokvegter nie in die eerste hoofstuk genoem nie?

1.8 Watter tipe verteller is aan die woord? Gee EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie tipe verteller.

1.9 Wat is die belangrikste besitting wat Sybella beskerm toe sy die hokvegter alleen in haar woonstel laat? Waarom heg Sybella soveel waarde aan hierdie besitting?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

HOOFSTUK 2

Tyd: Later die aand van dag 1

Opsomming:

Sybella gaan na Zonga's waar Jax vir haar wag. Sy is verbaas om te sien dat 'n kuborg by ’n tafel oorkant Jax staan. Meliwami, die eienaar van Zonga's keer Sybella voor sodat hy eers met haar kan praat voordat sy na Jax toe gaan. Meliwami vertel haar dat die kuborg Cedric Morton, Lilith Rox se toy boy, is. Jax is egter te bang om enige nuus oor haar ma en Yala vir Sybella te vertel, en met die verskoning dat hy te vinnig gepraat het, verlaat hy Zonga's. Cedric, die kuborg, kom praat met Sybella. Sy weier, met die verskoning dat haar lugtyd op is, dat hy direk 'n konneksie met haar gedagtelyn kan maak, want Sybella kry die gevoel dat sy hom nie kan vertrou nie. Hy gee Sybella 'n datapod met ’n boodskap vanaf Lillith Rox en verlaat Zonga's. Meliwami vertel aan Sybella dat Lilith die uitvoerende beampte van die grootste babaplaas in die land, Biotron Babas, is. Meliwami vertel haar ook dat die kuborg eers ’n militêre loopbaan gehad het voordat hy Lilith Rox se sekuriteitshoof en persoonlike lyfwag geword het. Daarna gaan Sybella na haar woonstel en vind die hokvegter nog aan die slaap. Sy luister na Lilith Rox se boodskap, waar dié haar ’n posisie by Biotron Babas aanbied.

Kontekstuele vrae:

2.1 Verwys na die verteller in Hoofstuk 2:

2.1.1 Wie is die verteller in Hoofstuk 2?

2.1.2 Gee ’n nadeel van hierdie verteller in Hoofstuk 2 t.o.v. Jax.

2.2 Hoe word die XtraTrans-mense gekarakteriseer?

2.3 Waarom dink jy is Zonga's so gewild? Sou jy na ’n klub soos Zonga's gaan? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.4.1 Watter stemming heers tydens die gesprek tussen Sybella en Cedric Morton?

2.4.2 Dink jy dat hierdie stemming bydra om spanning te skep? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.5 Watter rede gee Meliwami om nie vir Mkulu met ’n XtraTrans-weergawe te vervang nie?

2.6 Dra die verwysing na XtraTrans-mense by tot die tyd waarin die verhaal afspeel? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.7 Waarom sal dit nie maklik vir enige iemand wees om Sybella se woonsteldeur oop te sluit nie?

2.8 Waarom sal die boodskap van Lilith Rox aan Sybella deel van die eksposisie in die verhaalstruktuur kan wees?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

HOOFSTUK 3

Tyd: die volgende oggend

Opsomming:

Sybella word wakker as sy die koffie ruik wat die hokvegter gemaak het. Sy vind uit dat die hokvegter Yala Uba is en dat sy van die Kongo kom (wat haar Franse aksent verklaar) maar nou in Mamelodi woon. Sybella en Yala gaan na Jax se kamer, maar hy het verdwyn. Jax het ook die inligting wat hy oor Sybella se ma en suster (Jynna) se dood versamel het, saam met hom geneem. Sybella se ma en suster het in ’n lugtaxi-ongeluk gesterf, maar Sybella het vrae oor die ongeluk en Jax help haar soek na antwoorde.

Kontekstuele vrae:

3.1 Waar is Yala gebore en hoe verklap haar aksent dié land?

3.2 Hoe verskil Sybella en Jynna se karakters na aanleiding van hul kleredrag?

3.3 Hoe word Sybella op grond van naamgewing karakteriseer? Is hierdie karakterisering geloofwaardig? Gee ’n rede vir jou antwoord.

3.4 Gee redes waarom die milieu in Mamelodi as armoedig beskou kan word.

3.5 Verwys na Sybella en Yala se tatoeëermerke.

3.5.1 Waaraan herinner die tatoeëermerk op Sybella se skouer haar?

3.5.2 Is Yala se tatoeëermerke dieselfde as Sybella s'n? Gee 'n rede vir jou antwoord.

3.6 Dink jy dat die beroep van Sybella se ma iets met haar dood te doene het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

3.7 Gee TWEE redes dat die leser kan aflei dat Sybella nie gaan ophou om na antwoorde te soek nie?

HOOFSTUK 4

Tyd: Later dieselfde middag as Hoofstuk 3

Opsomming:

Sybella en Yala gaan na Zonga's en Meliwami bied, op Sybella se versoek, vir Yala ’n werk as kelnerin aan. Yala vertel meer van haar agtergrond in die Kongo en dat haar oupa haar geleer het om te veg - ten spyte daarvan dat haar ma nie gelukkig daaroor was nie. Sybella sê dat sy bekommerd is oor Jax, aangesien hy nie op haar gedagtetekste antwoord nie, waarop Meliwami haar gerusstel dat Jax wel weer sy verskyning sal maak. Meliwami en Yala stel voor dat Sybella

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

wel vir Lilith Rox ontmoet. Wanneer hulle terugkeer na die woonstel, gaan Yala melk en ander goed by die AmazonGo winkel koop, terwyl Sybella aan ’n skooltaak wil werk. Sybella sukkel om te konsentreer en besluit om Lilith Rox se uitnodiging om haar te ontmoet, te aanvaar.

Kontekstuele vrae:

4.1 Hoe weet die leser dat gemmerkolas Sybella se gunstelingkoeldrank is?

4.2 Noem TWEE ooreenkomstige karaktereienskappe tussen Yala en Jynna.

4.3 Sybella verwys na Hector die Hond wat Etswagoli se vegmeester is. Watter ander naam het Sybella vir Hector? Is die ander naam gepas vir hom? Gee 'n rede vir jou antwoord.

4.4 Meliwami se reaksie is positief wanneer Sybella hom vertel dat Lilith Rox haar wil ontmoet.

4.4.1 Watter tipe konflik ervaar Sybella na aanleiding van Meliwami se reaksie?

4.4.2 Hoe word hierdie konflik opgelos?

4.5 Meliwami sê grappig aan Sybella dat Lilith Rox se toy boy ook vir haar kan laat verdwyn.

4.5.1 Dink jy dat hierdie woorde bydra om spanning in die verhaal te skep? Gee 'n rede vir jou antwoord.

4.5.2 Watter ander karakters, as die in vraag 4.5, (tot en met Hoofstuk 4) se dood is geheimsinnig?

HOOFSTUK 5

Tyd: Drie dae later

Opsomming:

Drie dae nadat Sybella en Yala in Zonga's was, is Sybella op die Hatfieldstasie op pad na haar afspraak met Lilith Rox by Biotron Babas se hoofkwartier in Sandton. Dit is die eerste keer sedert haar ma en suster in ’n lugtaxi verongeluk het dat Sybella in ’n lugtaxi reis – hierdie keer in ’n luukse privaat-Deluxe-Taxi. Sy ontmoet Lilith Rox, wat haar ’n werk as ’n laboratoriumassistent aanbied. Lilith noem dat sy bekend is met Sybella se werk met die AquaLumen-tatoeërpen, waarvoor Sybella ’n Internasionale Skoliertoekenning vir Innovering in DNS-studies gewen het. Lilith wys haar die laboratorium waar sy sal werk. Sybella kom agter dat Lilith deeglik navorsing oor haar gedoen het. Lilith gee haar twee dae om oor die aanbod te besluit. Terug in haar woonstel, sukkel Sybella om die aand aan die slaap te raak. Laat in die nag sluip sy uit die woonstel met drie spuitverfkanne en gaan haal ook ’n klein, verstelbare leer uit die tuinskuur.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Kontekstuele vrae:

5.1 Hoe verskil hierdie lugtaxi-rit van die ander lugtaxi-ritte wat Sybella al in die verlede onderneem het?

5.2 Waarom dink jy het dit Sybella drie dae geneem voordat sy die moed bymekaar geskraap het en Lilith se e-kaartjie gebruik het?

5.3 Wat is Sybella se gemoedstoestand tydens die wag vir die lugtaxi? Waarom dink jy ervaar Sybella hierdie gemoedstoestand?

5.4 Gee die verskil of ooreenkoms van die musiek waarna Sybella in die lugtaxi luister met die hedendaagse musiek van 'n tiener?

5.5 Tydens die lugtaxi-rit vra Sybella haarself af of mens regtig die werklikheid met virtuele realiteit kan vervang.

Wat is jou gemotiveerde mening hieroor?

5.6 Gee TWEE verskille van Mamelodi se ruimte teenoor die ruimte waarin Sybella woon.

5.7 Waarom sal die werk wat Sybella aangebied word by haar vaardighede pas?

5.8 Dink jy Sybella moet die aanbod aanvaar om by Lilith Rox se maatskappy te gaan werk? Gee 'n rede vir jou antwoord.

5.9 Watter ander karakter het vroeër in die roman na Sybella se verwery verwys?

HOOFSTUK 6

Tyd: ’n Oggend in die park

Opsomming:

Yala en Sybella gaan draf in die park en gaan sit op een van die parkbanke. Yala vertel hoe sy aan die littekens op haar arms gekom het. Op Yala se vraag of Sybella al oor Lilith se aanbod besluit het, erken Sybella dat sy nie weet wat om te doen nie. Alhoewel die laboratorium goed toegerus is, wil sy nie elke dag met petribakkies en DNS-ekstraheerders werk nie. Sybella sê dat sy haar ma te veel mis om in ’n laboratorium te werk. Yala vertel dat Biotron Babas ook ’n tak in die Kongo het en dat dit die rede is dat sy en haar broer nooit aanneemouers kon kry nie. ’n Polisieman wat oorkant die park staan, laat Sybella en Yala skrik. Sybella trek die polisieman se aandag af deur na hom te gaan en te vertel dat daar twee dronk boemelaars onder die bosse ingekruip het. Dit gee Yala kans om uit die park te verdwyn. Sybella en Yala gaan weer na Zonga's, en alhoewel Meliwami dadelik agterkom dat die twee skuldig lyk, besluit Sybella om nie die gebeure in die park aan Meliwami te vertel nie. Tydens die gesprek kom meer inligting oor Sybella se ma na vore; sy het die Nobelprys vir Wetenskap gewen met ’n CRISPR-Cas9-tegniek wat sy aangepas het om virus-

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

DNS te herken en te vernietig, wat geenredigering vinnig en goedkoop gemaak het. Meliwami en Yala gaan werk terwyl Sybella by die tafel agterbly en noedels eet. Toe sy opkyk, sien sy Seth instap.

Kontekstuele vrae:

6.1 Wat gebeur in die park wat Sybella bang maak? Wat is die rede vir die reaksie?

6.2 Waarom het die polisie vir Yala getatoeëer?

6.3 Wat het Sybella se uitvinding in gemeen met tatoeëring?

6.4 Verwys na die gesprek tussen Sybella en Yala. Het Sybella besluit het om Yala se aanbod te aanvaar om haar meer te vertel. Motiveer jou antwoord.

6.4.1 Watter voordeel hou die eerstepersoonsverteller hier vir die leser in?

6.4.2 Na wie/wat dink jy verwys die hiëna? Gee 'n rede vir jou antwoord.

6.5 Waarom kan Sybella se ma se werk belangrik vir Biotron Babas wees?

6.6 Haal VYF opeenvolgende woorde uit Hoofstuk 6 aan wat op Sybella se emosionele reaksie dui toe sy vir Seth sien.

Hoofstuk 7

Tyd: Dieselfde dag as Hoofstuk 6

Opsomming:

Seth kom na die tafel gestap waar Sybella sit en vra haar of hy mag sit. Sy spring op en sê dat sy nie tyd het nie, maar moet gaan. Seth sê dat hy op ’n ander plek gaan sit, maar Sybella voel verneder en gee baie vinnig pad uit Zonga's, na die park toe. Nadat sy kalmeer het, gaan Sybella terug woonstel toe. Die volgende oggend vra Yala haar wat die vorige middag in Zonga’s gebeur het en Sybella vertel haar van Seth. Sybella besluit om die dag aan skoolwerk te spandeer, terwyl Yala nie die dag werk nie, en Sybella se digbundels lees. Later sien Yala op ’n webwerf van Biotron iemand wat soos Jynna lyk, en wys dit aan Sybella. Sybella besluit om wel Lilith Rox se aanbod te aanvaar.

Kontekstuele vrae:

7.1 In watter ruimte begin die hoofstuk?

7.2 Verwys na die beginbladsy van die hoofstuk.

7.2.1 Watter tipe konflik ervaar Sybella?

7.2.2 Waarom ervaar sy die konflik?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

7.2.3 Word die konflik in hierdie hoofstuk opgelos? Gee 'n rede vir jou antwoord.

7.2.4 Watter beskrywing gebruik die verteller om die konflik wat ervaar word, uit te beeld?

7.3 Hoe word Seth gekarakteriseer uit dit wat Sybella van hom aan Yala vertel?

7.4 Antjie Krog en die gedig “Ek wil” is Yala se gunstelingskrywer en -gedig. Wie/wat is joune (’n Afrikaanse digter en Afrikaanse gedig) en gee die rede vir jou keuse.

7.5 Waarom is Sybella ontsteld as sy die foto van die jaarlikse Biotronbal sien?

7.6 Watter besluit neem Sybella nadat sy die foto gesien het?

Hoofstuk 8

Tyd: ’n Aand in Pastiche

Opsomming:

Sybella besluit om Seth se uitnodiging te aanvaar om by Pastiche te gaan eet. Hy vertel haar wat intussen in sy lewe aangegaan het; hy werk nie meer in Durban nie, maar by ’n stortingsterrein in Etswagoli, op Onderstepoort. Seth vra om verskoning aan Sybella en sê dat hy drooggemaak het. Sybella wys hom daarop dat hy haar verraai het deur die leuens wat hy aan haar vertel het en die verhouding wat hy met haar beste vriendin aangeknoop het. Seth plaas die skuld op Haldi wat gewillig was. Die res van die aand gesels Sybella en Seth lekker en dit voel vir haar nes in die dae voordat Seth haar met Haldi verkul het. Terug by die woonstel omhels Seth en Sybella en hulle soen maak bekende gevoelens by Sybella wakker. Sy onthou dat Yala in die woonstel is, maak haar uit die omhelsing los en gaan na binne. Wanneer Seth vir Sybella nagsê, noem hy haar Kwarteltjie.

Kontekstuele vrae:

8.1 In watter ruimte speel hierdie hoofstuk af?

8.2 Gee TWEE redes waarom jy dink Seth vir Sybella na hierdie spesifieke ruimte neem?

8.3 Wat dink Meliwami van hierdie afspraak wat Sybella met Seth het?

8.4 Watter tipe werk doen Seth?

8.5 Hoe kan jy aan Seth se handeling aflei dat hy skaam oor sy werk is?

8.6 Waarom voel Sybella skuldig oor haar ma en Jynna se dood?

8.7 Noem TWEE karaktereienskappe wat jy van Seth kan aflei?

8.8 Seth noem Sybella “Kwarteltjie”. Wat is die karakteriseringstegniek wat hier gebruik word en waarom word Sybella só gekarakteriseer?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 9

Tyd: ’n Weeksdag

Opsomming:

Sybella werk nou al ’n week by Biotron, maar het nog nie enige vordering met haar speurwerk oor haar ma en Jynna se dood gemaak nie. Sybella gaan daagliks kafeteria toe om met die ander werknemers te gesels en die foto van Jynna te wys. Tot dusver het niemand die foto herken nie, en niemand was by die Biotronbal nie. Sybella het vriende met Naemi gemaak, ’n laboratoriumskoonmaker wat in beheer van die vloot robotte is wat saans die gange, laboratoriums en kantore skoonmaak. Naemi waarsku haar oor die gevaar daaraan verbonde om rond te snuffel. Sybella wys vir Naemi die onsterflike jellievisse in die laboratorium waarvoor sy verantwoordelik is, en Sybella verduidelik aan haar van die navorsing dat die genetiese materiaal van hierdie jellievisse in stamselle gebruik word om nuwe organe te vorm. Die oggend daarna word Sybella na Lilith se kantoor ontbied. Terwyl sy buite die kantoor wag, kan sy stemme in Lilith se kantoor hoor. Die mansstem vra uit oor hoe iemand aanpas by Biotron. Lilith antwoord dat hul tyd nou min raak. Toe Sybella in die kantoor instap, kyk sy reg in Cedric Morton se oë. Sybella wonder wat hy in die mou voer met sy oorgretige vriendelikheid. Lilith dra ’n boodskap van professor Jorgenson aan Sybella oor dat sy boodskapper-RNS-template moet kopieer. Terwyl Sybella die res van die dag in die laboratorium aan hierdie taak werk, besef sy dat Naemi die oplossing tot haar probleem is. Sybella vra Naemi of sy ook Lilith se kantoor en die ektogenesis-laboratorium skoonmaak, en of sy kan saamgaan. Die ektogenesis-laboratorium, wat die hart van Biotron Babas is, is die plek waar die genmodbabas gehou word, waarvoor ouers ten duurste betaal. Toe Sybella Naemi uitvra oor die vorige laboratoriumassistent by die Aqua-laboratorium, die laboratorium waar Sybella nou werk, sê sy dat Sybella die eerste assistent is en dat die laboratorium splinternuut is. Agter in die ektogenesis-laboratorium is ’n versteekte laboratorium agter ’n geslote deur. Sybella maak die inkubator se laaie oop en sien dat daar rye petribakkies is wat met die naam *Plasmodium falciparum* gemerk is (die organisme wat malaria veroorsaak) maar wat al jare en jare nie meer die siekte versprei nie.

Kontekstuele vrae:

9.1 Wat is die naam van die laboratorium waar Sybella by Biotron werk?

9.2 Wat is vreemd aangaande hierdie laboratorium se verlede en die vorige laboratorium-assistent?

9.3 Hoe weet jy dat Naemi simpatiek teenoor Sybella se soektog staan?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

9.4 Watter voordeel vir mense bied die navorsing oor die gene van die jellievisse? Dink jy dis die werklike rede waarom Lilith vir Sybella 'n werk aangebied het? Gee 'n rede vir jou atwoord.

9.5 Waarom wil Sybella saam met Naemi na die ektogenesis-laboratorium gaan?

9.6 Van wie het Lilith en Cedric gepraat toe Sybella by die persoonlike assistent vir Lilith wag? Op grond waarvan kon jy die afleiding maak?

9.7 Waarom dink jy word die petribakkies met die *Plasmodium falciparum* geheim gehou?

Hoofstuk 10

Tyd: ’n Dag in Sybella se woonstel

Opsomming:

Sybella het griep onder lede en gaan nie werk nie. Sy sê dat sy net een dag hoef te bly, sodat mediese nanobots in haar bloedstroom haar witbloedselle kan versterk en die griepvirus beveg. Sybella en Yala gesels oor die muskiete wat malaria oordra, wat met behulp van genetiese modifikasie onvrugbaar gemaak is en uitgesterf het. Hulle verstaan nie waarom daar van die organismes in die petribakkies is nie. Tot Sybella se verbasing ontvang sy ’n boodskap op haar direkte gedagtelyn van Jax af. Jax sê dat hy nie met haar kan praat nie, maar dat alles reg is. Yala vra uit oor Jax, waarop Sybella vertel dat haar ma hom onder haar vlerk geneem het nadat Jax se ma aan longkanker dood is. Daarna praat hulle oor Yala se werk by Zonga’s en oor Seth, wat by Zonga's opgedaag het op soek na Sybella. Later die nag verdwyn Sybella weer en toe sy in die woonstel terugkom, wil Yala weet waar sy was. Sybella sê vir Yala dat sy vir haar sal gaan wys wat sy in die nag doen.

Kontekstuele vrae:

10.1 Op watter manier behandel Sybella haar griep? Dink jy dat hierdie manier realisties is? Motiveer jou antwoord.

10.2 Gee die karaktereienskap van Lilith wat in hierdie hoofstuk afgelei kan word.

10.3 Wat dink jy wil Lilith met die malaria-organismes maak?

10.4 Wat is Sybella en Yala se mening onderskeidelik oor wat Lilith met die malaria-organismes wil maak?

10.5 Waarom is daar besluit om die muskiete met 'n geenstorm onvrugbaar te maak?

10.6 Is Jax se verdwyning karakteriserend van hom? Motiveer vir jou antwoord.

10.7 Hoe word Sybella se ma in die hoofstuk gekarakteriseer?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

10.8 Waarom verwys Sybella na Yala as 'n "kwaai papie"?

Hoofstuk 11

Tyd: Dieselfde nag as die dag in Hoofstuk 10, die volgende Saterdagoggend, en ’n aand in Biotron

Opsomming:

Sybella en Yala gaan na Muckleneuck waar Sybella haar die muurskildery wys wat sy dié nag geverf het. Dis van ’n mannetjiesbobbejaan met ’n mes in sy bors en ’n bebloede keel. Sybella sê dat dit die manier is waarop sy haar pa, wat ook geskilder het en lief vir die natuur was, onthou. Dit is haar manier om te protesteer teen die feit dat daar nie genoeg vir natuurbewaring gedoen word nie en baie diere uitgesterf het. Dit is egter nie blywend van aard nie, aangesien die polisie die skildery sal toeverf. Die volgende oggend vroeg in die woonstel, het ’n afleweringshommel koningsproteas van Seth af vir Sybella afgelewer. Sybella en Yala praat nie veel oor die proteas en Seth nie, maar Yala vra haar uit oor die muurkuns en of sy enige foto's het om aan Yala te wys. Sybella wys die fotos wat sy op haar polspaneel het en vertel verder van haar pa se invloed en dat hy in ’n visvangongeluk gesterf het. Verder sê Sybella dat sy nie ’n VirEwigEk-avatar van haar ma en pa het nie, en verkies om haar ouers op ander maniere te onthou. Terug in Biotron, neem Naemi vir Sybella saam toe sy Lilith se kantoor skoonmaak. Na ’n probleem met ’n diensbot wat ’n kortsluiting het, waarna sy moet gaan kyk, los Naemi vir Sybella alleen in Lilith se kantoor. Terwyl sy in die lessenaarlaaie na die dokumente kyk, hoor Sybella iets agter haar. Toe sy omdraai, sien sy ’n meisie met horings.

Kontekstuele vrae:

11.1 Bespreek die milieu aan die begin van die hoofstuk.

11.2 Waarom verf Sybella die skilderye in die nag?

11.3 Dink jy muurskilderye kan as proteskuns beskou word? Motiveer jou antwoord.

11.4 Op grond waarvan besluit Sybella op 'n tema om haar muurskilderye te doen? Waarom het sy besluit om die mannetjiesbobbejaan te skilder?

11.5 Hoe probeer Seth Sybella se guns wen?

11.6 Dink jy dit was 'n goeie besluit van Sybella om nie 'n Vir EwigEk-avatar van haar ouers te maak nie? Motiveer jou antwoord.

11.7 Sal jy 'n VirEwigEk-avatar van iemand na aan jou maak? Gee 'n rede vir jou antwoord.

11.8 Wat het Sybella se bloed laat stol?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 12

Tyd: dieselfde aand in Lilith se kantoor as in Hoofstuk 11, 'n volgende aand in Zonga's, die volgende aand in Zuri se woonstel en later dieselfde aand in die avatarklub

Opsomming:

Terwyl Sybella in Lilith se lessenaarlaaie na leidrade soek, praat ’n meisie met haar. Dié waarsku haar dat ’n androïednagwag binne die volgende vyf minute in die gang gaan afloop. Die vreemde meisie, Zuri, nooi vir Sybella na haar woonstel toe. Zuri vertel dat sy as Zuri B2 in Lilith se registers opgeteken is, en dat Lilith goed vir haar sorg. Verder sê Zuri dat sy en haar broer in die woonstel woon, maar weggesteek word. Net voordat Sybella gaan, spreek hulle af om die volgende aand langer te praat. Zuri waarsku Sybella ook om eerder uit Lilith se kantoor te bly. Sybella stuur 'n boodskap aan Yala, maar ook een aan Seth dat sy die volgende aand in Zonga's saam met hom kan gaan koffie drink. Die aand in Zonga's wonder Seth waarom Meliwami so kortaf met hom is, maar Sybella weet dis omdat Meliwami nie ’n verhouding tussen haar en Seth goedkeur nie. Die aand daarna vertel Sybella aan Zuri dat Cedric Morton haar ingeroep het om te sê dat daar op die voordeurrekords gesien kan word dat sy saans laat werk. Alhoewel Sybella verduidelik dat die werk nou baie interessant is, waarsku Cedric haar dat hy haar dophou. Sybella en Zuri besluit om na 'n avatarklub te gaan. In die klub vertel Zuri dat haar en haar broer se voorkoms die gevolg is van die gene vir intelligensie wat aan immunsel-defekte en velsiektes gekoppel is. Sy sê dat sy Lilith afpers. Sybella vertel Zuri dat sy by Biotron begin werk het nadat sy ’n foto gesien het van iemand wat na haar suster lyk.

Kontekstuele vrae:

12.1 Noem die ruimtes waarin hierdie hoofstuk afspeel.

12.2 Wat sê Zuri wat Sybella laat besef dat Zuri nie vir haar ’n gevaar inhou nie?

12.3 Watter karaktereienskap kan jy van Zuri aflei uit bg. woorde van haar?

12.4 Waarom staan Zuri ook as Zuri B2 bekend? Hoe dra hierdie naam daartoe by dat Zuri vir Lilith afpers?

12.5 Is Meliwami bly dat Seth weer terug in Sybella se lewe is? Motiveer jou antwoord deur na Meliwami se handeling te verwys.

12.6 Watter emosie ervaar Zuri wanneer sy na haar broer verwys?

12.7 Dink jy dis geregverdig dat Zuri vir Lilith afpers? Motiveer jou antwoord deur na Zuri se broer te verwys.

12.8 Waarom word Zuri bleek as Sybella aan haar die foto van Jynna wys?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 13

Tyd: dieselfde aand as in Hoofstuk 12, ’n aand drie dae na die avatarklubbesoek

Opsomming:

Zuri vertel aan Sybella dat sy Jynna by Biotron gesien het terwyl sy op verskillende plekke gewerk het, soos in die kombuis, by sosiale funksies, produkbekendstellings en ook by informasiedae. Zuri sê dat die monitor-mikroskyfie wat op die foto's gesien kan word, wat agter Jynna se oor ingeplant is, dieselfde is as wat die polisie op tronkbewoners inplant. Zuri belowe dat sy verder sal snuffel, maar waarsku Sybella om eerder met haar werk in Aqualab voort te gaan en uit Cedric se pad te bly. Drie dae na hierdie gesprek is Sybella weer in Zuri se woonstel, waar Zuri meer oor haar (en die ander genmodkinders) se agtergrond aan Sybella vertel. Sybella hoor ook waarmee Zuri Lilith afpers. Later sê Zuri vir Sybella dat haar broer, Kai, Sybella graag wil ontmoet, maar dat Sybella niks emosie moet wys as sy na hom kyk nie.

Kontekstuele vrae:

13.1 In watter ruimte wat tipies van die jaar 2045 is, speel hierdie hoofstuk af?

13.2 Watter emosie ervaar Sybella wanneer Zuri haar vertel dat sy vir Jynna gesien het? Haal ’n vergelyking uit die eerste bladsy van die hoofstuk aan wat by Sybella se emosie pas.

13.3 Watter voordeel het die tipe verteller as jy die emosies wat Sybella in hierdie hoofstuk beleef, in aanmerking neem?

13.4 Gee een karaktereienskappe van Zuri soos wat jy dit uit hierdie hoofstuk kan aflei.

13.5 Zuri vra aan Sybella of sy wel vir Meliswami en Yala kan vertrou. Dink jy hierdie vraag van Zuri is geregverdig? Motiveer jou antwoord.

13.6 In hierdie hoofstuk rig Zuri 'n waarskuwing aan Sybella.

13.6.1 Is hierdie waarskuwing nodig? Gee 'n rede vir jou antwoord.

13.6.2 Waarom hoef Sybella nie dieselfde waarskuwing t.o.v. Zuri in ag neem nie? Verduidelik jou antwoord volledig.

13.7 Hoe word die spanning aan die einde van die hoofstuk geskep?

Hoofstuk 14

Tyd: Dieselfde aand as in Hoofstuk 13

Opsomming:

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sybella ontmoet Kai en staal haarself om normaal te reageer toe sy na hom kyk. Dit is asof Kai met sy oë kommunikeer, dié smeek eers en lag dan met Sybella. Hy het ’n velsiekte. Zuri sê dat Lilith geen keuse het as om verpleegsters te kry wat Kai goed versorg nie. Verder hoor Sybella dat Jynna die monitorskyfie laat verwyder het, en daarna bloot by Biotron se voordeur uitgeloop het. Volgens ’n videoteks wat een van die voormalige werknemers, Erin, van Jynna ontvang het, werk sy in Bryanston. Zuri sê dat sy seker is dat Cedric en Lilith ook na Jynna soek, want Cedric het insekhommels wat hy in Bryanston instuur, alhoewel dit onwettig is. Terwyl die drie Milo drink, is daar skielik ’n klop aan die voordeur. Tot Zuri se skok is dit Cedric voor die deur. Zuri steek Sybella weg in haar kamer. Sybella hoor dofweg hoe iemand roggel, asof hy verstik.

Kontekstuele vrae:

14.1 Hoe word Kai aan die begin van die hoofstuk gekarakteriseer? Dui ook aan watter karakteriseringstegniek jy gebruik.

14.2 Waarom smeek Kai se oë dat Sybella meer as sy misvorming moet raaksien?

14.3 Dink jy die verteller het goed daarin geslaag om Kai te beskryf? Motiveer jou antwoord.

14.4 Watter afleiding kan t.o.v. Jynna gemaak word as sy in Bryanston werk? Is dit ’n geregverdigde afleiding? Motiveer jou antwoord.

14.5 Hoe karakteriseer Zuri vir Cedric?

14.6 Wat vermoed Zuri oor Lilith wat Sybella by Biotron laat werk?

14.7 Waarom skrik Zuri toe sy vir Cedric aan die voordeur hoor klop?

14.8 Hoe los Kai en Zuri die probleem van Sybella in die woonstel op?

Hoofstuk 15

Tyd: Dieselfde aand as in Hoofstuk 13, die aand van Sybella se verjaarsdag, laatmiddag in Biotron en aand by die Hatfieldstasie

Opsomming:

Zuri maak die sitbank waar Sybella weggekruip het, oop en sê dat sy so gou moontlik sal moet wegkom. Kai het voorgegee dat hy ’n epileptiese aanval kry, wat Cedric so laat skrik het dat hy padgegee het. Later kom Meliwami, Yala, Zuri en Kai in ’n avatarklub bymekaar om Sybella se verjaarsdag te vier. Sybella verstaan nie waarom Meliwami nie wil hê dat sy ’n foto van hulle vir Seth stuur nie. Ook Yala tree ontwykend op. Sybella vermoed dat hulle iets vir haar weggesteek. Nadat Meliwami by Sybella hoor dat die polisie steeds nie Jynna se saak verder gaan ondersoek nie, bied hy sy woonstel aan, sodat Sybella daar kan bly terwyl sy na haar suster soek. Die volgende

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

oggend moet Sybella vir Lilith oor haar verlofaansoek gaan spreek. Nadat Lilith aanvanklik nie die verlof wou goedkeur nie, doen sy dit wel, maar waarsku Sybella dat haar werk nie daaronder mag ly nie. Die aand op pad terug woonstel toe, by die Hatfieldstasie, stamp ’n onbekende man teen Sybella. Sy voel 'n brandpyn in haar nek, voordat sy lam raak en inmekaarsak.

Kontekstuele vrae:

15.1 Dra die vraag wat Sybella aan die begin van die hoofstuk vir Zuri vra, by tot spanning? Gee ’n rede vir jou antwoord.

15.2 Hoe kan Cedric toets of Kai werklik 'n epileptiese aanval gekry het? Wat kan gebeur as Cedric uitvind dat Kai gejok het?

15.3 Hoe dra die milieu in die avatarklub by tot Sybella se emosies?

15.4 Om watter rede word Zuri se horings nie in die avatarklub as snaaks beskou nie?

15.5 Hoe weet jy dat Yala ook ontwykend optree na Meliwami Sybella nie wil antwoord toe sy vra wat aangaan nie?

15.6 Is daar ’n ooreenkoms tussen Sybella se gevoel en die paddavis wat in die petribakkie spartel? Gee 'n rede vir jou antwoord.

15.7 Beskryf die innerlike konflik wat Sybella beleef as sy aan Jynna dink terwyl sy deur die glasvensters van haar kantoor kyk en ook as Lilith met haar oor haar verlof praat.

15.8 Wie dink jy is verantwoordelik vir Sybella se aanval in die Hatfieldstasie? Waarom dink jy so?

Hoofstuk 16

Tyd: ’n Dag in die hospitaal ’n week later, ’n paar dae later in haar woonstel

Opsomming:

Sybella word in die hospitaal wakker met Meliwami wat vra of sy hom kan hoor. Aanvanklik kan Sybella nie onthou wat gebeur het nie, dus vertel Meliwami haar hoe hulle haar opgespoor het. Sybella onthou die man met die goue tande en vuil hare wat teen haar in die Hatfieldstasie gestamp het. Yala, Naemi en Zuri het nie vir Sybella in die hospitaal kom kuier nie, maar Lilith maak wel ’n vinnige draai om te sê dat sy verheug is dat Sybella wakker is. Terug by die woonstel vra Sybella Yala uit oor die handskoene en mondstuk wat sy in die badkamer gesien het. Yala erken dat sy weer aan ’n geveg deelgeneem het. Nadat Yala eers nie verder oor die geveg wil praat nie, gee sy tog haar redes waarom die gevegte vir haar ’n uitlaatklep is. Sybella sê aan Yala

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

dat sy verstaan, maar ook dat Yala-hulle iets vir haar (Sybella) wegsteek. Yala erken dat hulle haar nie wou vertel dat Meliwami Seth die dag voor Sybella se verjaarsdag saam met Haldi gesien het.

Kontekstuele vrae:

16.1 In watter presiese ruimte bevind Sybella haar aan die begin van die hoofstuk?

16.2 Hoe het Meliwami te werk gegaan om Sybella op te spoor?

16.3 Hoe verskil Meliwami se siening van Lilith in die hospitaal teenoor sy vorige siening van haar?

16.4 Hoe karakteriseer Meliwami nou vir Lilith?

16.5 Waarom het Yala en Zuri onderskeidelik nie vir Sybella in die hospitaal kom kuier nie?

16.6 Watter tipe konflik ervaar Yala as sy die redes noem waarom sy weer aan gevegte deelneem? Verduidelik die aard van die konflik volledig.

16.7 Watter karaktereienskap toon Yala as sy nie geld van Sybella wil aanvaar nie?
Dink jy dat Yala wel finansiële hulp van Sybella en Meliwami moet aanvaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

16.8 Beskryf hoe Seth deel van die subintrige van die verhaal vorm.

Hoofstuk 17

Tyd: Dieselfde dag as in Hoofstuk 16 en later die aand

Opsomming:

Sybellla wil nie glo dat Meliwami Seth saam met Haldi gesien het nie, en glo dat dit dalk net ’n toevallige ontmoeting was. Yala probeer Sybella oortuig dat Seth vir haar gejok het, maar Sybella dink dat sy Seth ken en glo dat hy nie vir haar sal jok nie. Yala belowe om Sybella te vertel as sy weer gaan veg, maar Sybella hoop dat dit nie gou weer sal gebeur nie. Later die aand stuur Sybella aan Seth ’n boodskap om te vra of hulle kan ontmoet. Sy ontmoet hom in Zonga’s en hy vertel dat hy een van Jax se vriende daar raakgeloop het, wat Jax op die Donkerweb gesien speel het. Sybella sukkel om oor haar vermoedens oor Seth en Haldi te praat, en Seth ontwyk haar deur te sê dat hy laat is en dokumente moet gaan skandeer. Terug in die woonstel by Yala, wil Sybella nie oor Seth praat nie. Sy wonder wat haar ma oor Seth sou gesê het en sy gaan na die VirEwigEk webwerf om met haar ma se avatar te praat. Sy vra dat dat haar ma se foto's gewys moet word. Die laaste foto is ’n universiteitsfoto uit haar ma se studentedae en Sybella herken Lilith Rox op die foto.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Kontekstuele vrae:

17.1 Uit watter vertellersperspektief word die begin van die hoofstuk vertel?

17.2 Wat is die voordele van bg. vertellersperspektief in hierdie gedeelte?

17.3 Waarom beleef Sybella innerlike konflik oor Seth?

17.4 Hoekom kies Yala om by die gevegte wat Hector die Hond reël, te veg?

17.5 Dink jy Sybella neem die regte besluit om nie vir Seth van Zuri te vertel nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

17.6 Wat kan jy omtrent Jax se handelinge op die Donkerweb aflei?

17.7 Hoe weet die leser dat Sybella gespanne is om met Seth oor Haldi te praat?

17.8 Waarop dui Seth se reaksie aan die einde van hul gesprek? Wat is die rede vir hierdie reaksie?

17.9 Wat laat Sybella besluit om tog op die webwerf van VirEwigEk in te teken?

17.10 Watter verrassende ontdekking maak Sybella op hierdie webwerf?

Hoofstuk 18

Tyd: Die volgende oggend by die Sunnyside-polisiekantoor, dieselfde middag en nag in Sybella se woonstel

Opsomming:

Sybella gaan na die Sunnyside-polisiekantoor in ’n poging om weer die ondersoek na Jynna se dood te heropen. Die polisieman weier, omdat die saak as afgehandel beskou word en daar duidelik twee persone se oorblyfsels in die taxiwrak gevind is. Sybella besluit om nie verder haar tyd met die polisie te mors nie, maar eerder self na haar suster te gaan soek. Op pad na die lugtaxi's dink Sybella daaraan om asem te skep by ’n koffiekroeg en te dink waar sy met haar soektog gaan begin. Buite, by een van die koffiewinkel se tafeltjies, sien Sybella Seth en Haldi sit, en dit is duidelik dat hulle in ’n verhouding is. Sybella gaan terug woonstel toe en huil by Yala. Sybella weet dat sy nog steeds vir Seth omgee. Sy wil dadelik inpak om na Bryanston te gaan om Jynna te soek voordat Lilith haar opspoor. Yala oortuig haar om eerder die volgende dag te gaan. Terwyl Sybella sukkel om aan die slaap te raak, ontvang sy 'n boodskap op haar direkte gedagtelyn. Dit is ’n video vanaf Cedric Mouton.

Kontekstuele vrae:

18.1 Bespreek die milieu volledig waarin hierdie hoofstuk afspeel.

18.2 Watter invloed het die koffiekroeg in Sunnyside as ruimte op Sybella se emosies?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

18.3 Hoe kan Yala karakteriseer word toe Sybella terug in die woonstel kom? Met watter karakteriseringstegniek is Yala gekarakteriseer?

18.4 Wat impliseer Sybella as sy dink dat Seth 'n asgatwurm is?

18.5 Watter ander nuus i.v.m. Seth gee Yala aan Sybella?

18.6 Watter tipe konflik ervaar Sybella toe sy probeer slaap?

18.7 Wat is die oorsaak van hierdie konflik?

18.8 Waarom dink jy probeer Cedric vir Sybella met die video wat hy stuur afpers?

18.9 Hoe dink jy het Cedric hierdie video in die hande gekry?

Hoofstuk 19

Tyd: Dieselfde aand as in Hoofstuk 18, die volgende dag in Bryanston

Opsomming:

Sybella weet nou dat Cedric ook van haar verwery weet. Hy verwag dat sy binne 'n week terug sal wees by Biotron, anders stuur hy die video na die polisie toe. In Bryanston gaan Sybella na die gesellinklub Roxy Rouge om uit te vind of Jynna daar werk. Daar is 'n misverstand waar gedink word dat Sybella self by Roxy Rouge wil werk. Sybella wys die foto van Jynna, maar tevergeefs; daar is geen inligting van Jynna nie. Terwyl Sybella op die sypaadjie stap, kry sy 'n boodskap van Seth wat haar wil sien, aangesien hy inligting oor Lilith het. Sybella spreek af om hom by Melt Chocolaterie te ontmoet. Seth sê dat Lilith 'n junior dosent in Genetika was gedurende dieselfde tyd as wat Sybella se ma daar student was. Seth plaas sy hand agter Sybella se nek en streel haar hare, maar sy voel dat sy eerder moet wegkom. Sybella-hulle stap uit die koffiekroeg, sy kyk oor die straat en sien Jynna raak.

Kontekstuele vrae:

19.1 Watter tipe konflik ervaar Cedric en Sybella?

19.2 Wat bedoel Cedric as hy sê dat dit jammer sal wees "as jy weer moet seerkry"?

19.3 Wat is die naam van die eerste ruimte in hierdie hoofstuk waar Sybella navraag oor Jynna doen?

19.4 Wat word die mense met die versterkte vermoëns genoem wat Sybella in die omgewing van die gesellinklub sien?

19.5 Kan Sybella vir Seth vertrou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

19.6 Waarom dink Sybella dat sy nie meer die lus of tyd het om sy meisie te wees nie?

19.7 Watter ooreenkoms is daar tussen Sybella se ma en Lilith?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

19.8 Waarom voel Sybella "beduiweld" as Seth aan haar oorvertel wat Lilith aan hom vertel het?

19.9 Tot watter drie insigte kom Sybella nadat Seth met haar gepraat het?

19.10 Wie sien Sybella oorkant die straat stap?

Hoofstuk 20

Tyd: dieselfde dag as Hoofstuk 19

Opsomming:

Sybella hardloop oor die straat agter die persoon aan wat sy as Jynna herken. Seth hardloop ook agter hulle aan. Hulle volg Jynna tot in die armoedige woonbuurt Kensington, maar verloor haar weer. Seth dink dat dit dalk net iemand is wat soos Jynna lyk, en sê dat Sybella eerder met die polisie moet gaan praat, omdat hulle nie veilig is daar waar hulle nou is nie. Sybella weier om tou op te gooi, maar Seth wil nie verder na Jynna soek nie en sê dat hy huis toe gaan voordat iemand sy keel afsny. Sybella besef dat haar verhouding met Seth vir altyd verby is. Sy besluit om nog te soek en hoor haar suster se stem in die verte. Sybella haas haar na die huis sien Jynna op die stoep sit met 'n glas Coke in die hand. Langs haar sit ’n ouer meisie. Jynna staar net na Sybella sonder om iets te sê.

Kontekstuele vrae:

20.1 Wat word die verkeersligte in dié hoofstuk genoem?

20.2 Watter fisiese eienskap van Jynna veroorsaak dat sy tussen ander mense uitstaan?

20.3 Watter vrees het Sybella terwyl hulle agter Jynna aanhardloop?

20.4 Gee TWEE redes waarom Seth nie verder na Jynna wil soek nie.

20.5 Tot watter insig t.o.v. Seth kom Sybella ná sy weiering om haar verder te help soek?

20.6 Wat kan jy aflei as Jynna nie iets vir Sybella sê nie?

Hoofstuk 21

Tyd: Dieselfde dag as in Hoofstuk 19 en later dieselfde dag in Sybella se woonstel

Opsomming

Die ouer meisie vra wat Sybella wil hê, en Sybella antwoord dat Jynna haar suster is. Jynna herken Sybella nie, maar hulle besluit tog dat Sybella mag inkom. Jynna sê dat sy geheueverlies het en Sybella nie kan onthou nie. Tot Sybella se skok sien sy dat Jynna se hand vermink is, maar aangesien sy nie vir Jynna verder wil ontstel nie, praat sy nie verder daaroor nie. Hulle hoor 'n

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

growwe stem agter hulle – Ryder, wat eers die geld wil hê wat Jynna hom skuld voordat Sybella weer vir Jynna kan kom kuier. Nadat Ryder weg is, hoor Sybella dat hy hulle “handler” en “landlord” is, ook dat Ryder se bynaam “die Rot” is. Pigalle stel Sybella gerus dat Jynna die skottelgoed was en as kelnerin werk, nie as gesellin nie. Jynna verduidelik dat sy Ryder veertig duisend rand huurgeld skuld. Sybella onderneem om die geld die volgende dag te bring. Terug in die woonstel in Eastwood daag Jax onverwags op.

Kontekstuele vrae:

21.1 Waarmee vergelyk Sybella die rooikop?

21.2 Watter fisiese reaksie van Sybella toon haar ontsteltenis toe Jynna haar nie herken nie?

21.3 Sluit die beeld van die tarentaal by die situasie aan? Motiveer jou antwoord.

21.4 Wie is Ryder en watter houvas het hy op Jynna?

21.5 Met watter karakteriseringstegniek word Sybella deur Ryder gekarakteriseer?

21.6 Wat is die voorwaarde waaraan Sybella moet voldoen voordat sy weer vir Jynna kan gaan kuier?

21.7 Waarom besluit Sybella om Thys saam te neem as sy weer na Jynna gaan?

Hoofstuk 22

Tyd: Dieselfde middag en aand as Hoofstuk 19

Opsomming:

Sybella is baie bly om Jax te sien nadat hy twee maande weg was. Sy vertel hom dat Jynna leef, en dat sy haar in ’n krothuisie in Kensington gevind het. Sy weet nie weet wat met Jynna gebeur het nie, omdat Jynna aan geheueverlies ly. Na aandete luister Sybella, Jax en Yala na musiek. Jax wil Sybella nie vertel wat hy die afgelope twee maande gedoen het nie, maar sê dat Cedric hom met sensitiewe inligting afgepers het om van Sybella weg te bly. Hy het dit nou uitsorteer. Jax vertel dat een van sy vriende gesien het hoe 'n XtraTrans-man Jynna na die ongeluk in 'n Lamborghini gelaai en weggejaag het. Sybella besef wat Cedric se aandeel was en dat hy Jynna se hand geskend het. Sybella kontak Zuri en vra haar om haar ma se lugtaxi bespreking daardie tyd te ondersoek. 'n Liedjie van Johnny Nash speel in die agtergrond.

Kontekstuele vrae:

22.1 Na watter dinge verwys Jax wat hy moes "uitsort"?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

22.2 Wie was verantwoordelik daarvoor dat Jax besluit het om twee maande uit Sybella se lewe te verdwyn? Waarom het hy daardie besluit geneem?

22.3 Hoe word daar van 'n vergelyking gebruik gemaak om Yala se aanvanklike verbasing oor Jax uit te beeld?

22.4 Watter ooreenkoms is daar tussen Ringo Starr se musiek en Jynna?

22.5 Waarom dink jy sê Jax aan Sybella dis beter om so min as moontlik te weet?

22.6 Watter belangrike inligting rondom Cedric en die ongeluk gee Jax vir Sybella?

22.7 Beskryf die innerlike konflik wat Sybella m.b.t. haar werk by Biotron ervaar nadat sy van Cedric se aandeel in die ongeluk gehoor het.

22.8 Watter rol speel Johnny Nash se musiek in die intrige?

Hoofstuk 23

Tyd: Die volgende dag

Opsomming:

Sybella gaan terug Kensington toe. Jynna se kamer lyk vir Sybella na ’n tronksel. Sybella vertel Jynna dat sy geld by Yala gekry het om aan Ryder te gee. Sy stel Jynna ook gerus dat hulle ’n DNS-toets kan laat doen sodat Jynna kan weet dat Sybella wel haar suster is. Sybella het Thys, Jynna se kraaipop, saamgebring. Nadat Jynna Thys onthou, draai sy na Sybella en sê tranerig dat sy Sybella ook onthou. Jynna vertel Sybella wat sy van Biotron kan onthou, en hoe sy by Heaven's Door beland het. Zuri kontak Sybella en gee haar meer inligting oor die bespreking van die lugtaxi’s die dag van die toekenningsbal. Zuri waarsku Sybella dat sy Jax moet vra om vir haar ’n lyfwag te kry. Toe Sybella terug na die huis stap, sien sy ’n blinkrooi Lamborghini voor die huis staan. In Jynna se kamer kom sy op Lilith af wat ’n pistool teen Jynna se kop hou.

Kontekstuele vrae:

23.1 Waarmee word Jynna se kamer vergelyk? Is hierdie vergelyking gepas? Gee ’n rede vir jou antwoord.

23.2 Waarom stel Sybella voor dat DNS-toetse gedoen kan word?

23.3 Hoe kan Thys vir Jynna help om haar geheue te herwin?

23.4 Hoe sou Lilith vir Jynna help om haar geheue te herwin? Motiveer of Lilith se motiewe eerlik was.

23.5 Waarom dink jy het Lilith ’n weefselbiopsie op Jynna gedoen?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

23.6 Dink jy die geluid wat die tuinhekkie maak is ’n vooruitwysing van wat Sybella in Jynna se kamer gaan aantref. Motiveer jou antwoord.

23.7 Is Zuri se waarskuwing aan Sybella betyds? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Hoofstuk 24

Tyd: Dieselfde dag as Hoofstuk 23, later in die nag in Bryanston

Opsomming:

Lilith sê dat sy Jynna saam met haar gaan neem, dat Sybella haar nie kan keer nie en dat Cedric Sybella gaan kom haal as dinge nie met Jynna uitwerk nie. Sy verduidelik ook hoe sy Sybella opgespoor het. Verder erken Lilith dat sy én Cedric iets met Sybella se ma se dood te doen het. Sybella besef dat haar ma om ’n bepaalde rede vermoor is. Sybella slaag nie daarin om Jynna te bevry nie, en Lilith word deur ’n geroeste draad by die tuinhekkie gekrap. Meliwami besef dat Sybella nie nou terug woonstel toe kan gaan nie, dat Lilith-hulle dalk vir haar wag. Jax en Yala kom na die huis waar Sybella vir hulle wag, en hulle vind 'n Dermmorf Chrome tracker agter op Sybella se nek. Sybella stuur ’n boodskap vir Zuri om te vra of Zuri iets aan die opspoorder kan doen. Zuri verwar die sein, wat Sybella ’n week gee om Jynna te vind en die raaisel rondom haar ma se dood en Jynna se ongeluk op te los. Die aand in Meliwami se woonstel kan Sybella nie slaap nie en besoek weer die VirEwigEk-webwerf. Sybella vra om haar ma se PhD-dissertasie te sien. Terwyl Sybella deur die dissertasie blaai, besef sy waarom Lilith in haar belangstel. Sybella gaan na ’n GenToets 24 uur-minilab en doen ’n genetiese toets op haar bloed.

Kontekstuele vrae:

24.1 Waarmee dreig Lilith vir Sybella en Jynna?

24.2 Hoekom dink jy is Jynna so belangrik vir Lilith?

24.3 Dink jy Ryder sou vir Sybella en Jynna teen Lilith beskerm? Motiveer jou antwoord.

24.4 Hoe het Lilith geweet waarheen Sybella gaan?

24.5 Wat erken Lilith oor Sybella se ma se ongeluk?

24.6 Waarom sê Meliwami dat Sybella nie huis toe kan gaan nie?

24.7 Hoe help Zuri vir Sybella sodat Lilith haar nie kan opspoor nie?

24.8 Dink jy Jax se vriende is in staat om Sybella met Lilith en Cedric te help? Gee 'n rede vir jou antwoord.

24.9 Watter belangrike inligting kry Sybella op die VirEwigEk-webwerf?

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

24.10 Hoe beskryf Sybella se ma Sybella en Sybella se pa? Hoe sluit hierdie woorde by die DNS-toets aan?

Hoofstuk 25

Tyd: Die volgende oggend in Bryanston, later die aand in Biotron

Opsomming:

Toe Sybella en Yala wakker word, sê Sybella dat sy na Biotron moet teruggaan omdat daar dinge is wat sy moet klaarmaak. Yala sê dat dit te gevaarlik is en dat Sybella nie moet gaan nie. Sybella weet nie hoe om aan Meliwami-hulle te vertel wat sy nou weet nie, maar sê dat dit moontlik haar en Jynna teen Lilith sal beskerm en Lilith van haar en Jynna sal weghou. Sybella wil nie hê dat Meliwami of Jax saamgaan nie, en sê dat Zuri haar in die gebou sal inkry. Die aand in Biotron help Naemi Sybella om in Lilith se kantoor in te kom. Naemi wil weet of Sybella oukei sal wees. Sybella word amper deur ’n androïednagwag in Lilith se kantoor betrap. Sy gaan na die Aqualab om te werk aan haar planne. Sybella dink daaroor dat die studie met die onsterflike jellievisse net ’n versinsel was om haar by Biotron te kry. Zuri stuur ’n boodskap aan Sybella dat hulle haar moet uitkry, aangesien dinge nou gevaarlik begin raak. Op pad uit, wag Lilith hulle by die agterdeur in.

Kontekstuele vrae:

25.1 Waarom wil Sybella terug na Biotron toe gaan?

25.2 Om watter rede wil Sybella nie presiese inligting aan Yala gee oor wat sy by Biotron wil gaan doen nie?

25.3 "As Lilith jou daar kry . . ."
Word hierdie woorde waar in dié hoofstuk? Haal ’n sin uit die hoofstuk aan om jou antwoord mee te bewys.

25.4 “Alles is my word yskoud. As hy ’n tree nader kom, is dit verby met my.”
Is hierdie beskrywing effektief om spanning te skep? Gee 'n rede vir jou antwoord.

25.5 Watter voordeel was daar vir Sybella om op die vloer vir die androïednagwag weg te kruip? Wat dink jy gaan sy met dié objek maak?

25.6 Gee die volledige milieu waar Sybella is as sy die maanjellie-akwarium se ligte aanskakel.

25.7 Wat het die maanjellies vir Sybella geleer?

Hoofstuk 26

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tyd: Dieselfde aand as in Hoofstuk 25

Opsomming:

Zuri is die eerste wat reageer nadat hulle Lilith by die agterdeur sien staan. Hulle vlug en Zuri sluit ’n deur daar naby met haar neuronet oop, wat sy weer sluit van binne. Die enigste ontsnaproete is deur 'n smal venster hoog teen die plafon wat op straatvlak oopmaak. Hulle hoor iemand aan die deur ruk, en Zuri is die eerste om by die venster te probeer uitkom. Die deur vlieg oop en Lilith en Cedric storm in. Sybella moedig Zuri aan om te probeer wegkom, terwyl Cedric naderstorm en dreig om vir Zuri te skiet. Sybella roep uit dat Zuri moet gaan, maar Jax moet videoteks, verseker in die wete dat hy ’n plan sal beraam. Zuri kom weg. Lilith dra parfuum wat na witlelies ruik – die blom van die dood. Sybella probeer iets vir Lilith sê, maar sy word deur Cedric ingespuit, wat haar spraak onsamehangend maak. Cedric tel haar op ’n vlekvrye staaltafel en dit lyk vir Sybella asof hulle vir ’n operasie gereed maak toe Lilith ’n teaterlig nadertrek. Hulle besluit om eers Sybella se beenmurg te tap en haar daarna met *Plasmodium* parasiete te besmet. Terwyl Lilith en Cedric hul tevredenheid uitspreek oor die beenmurgmonster wat hulle van Sybella versamel het, land van die beenmurg in die skraapwond wat Lilith vroeër in Kensington waar Jynna gewoon het, opgedoen het. Jax storm in om Sybella te red, hy en Cedric stoei en dan val Cedric op die vloer, morsdood. Lilith se stilettohakke kan oor die vloer gehoor word voordat 'n deur toeklap.

Kontekstuele vrae:

26.1 Plaas hierdie hoofstuk in die struktuur van die roman en gee ’n rede waarom jy dit in daardie spesifieke plek in die struktuur plaas.

26.2 Hoe kry Zuri die deur oopgesluit?

26.3 Waarom is Sybella nie bekommerd dat Cedric vir Zuri sal skiet nie? Dink jy ook so? Motiveer jou antwoord.

26.4 Watter verwagting skep die reuk van die witlelies? Hoe word hierdie verwagting realiseer?

26.5 Lilith het bloed en weefselbiopsies van Jynna geneem. Watter afleiding kan jy maak dat sy nou ook Sybella se beenmurg wil versamel?

26.6 Waarom wil Lilith vir Sybella met *Plasmodium* inspuit?

26.7 Wat dink jy is die gevolg wat Lilith se skraapmerk inhou?

26.8 Waarom help Lilith nie vir Cedric nie? Wat sê dit van haar en Cedric se verhouding?

Hoofstuk 27

Tyd: Die volgende oggend in Bryanston, ’n middag twee dae later in Zonga's

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Opsomming:

Die hoofstuk begin met die nuus dat Lilith in ’n skandaal betrokke is en Cedric van kindermoord verdink word. Zuri sê dat sy nie beplan het om die moordvideo vry te stel nie, maar dat sy geskrik het en dit toe per ongeluk gedoen het. Verder besluit Zuri om nie meer weg te kruip nie. Jax stuur ’n gedagteteks aan Sybella dat Jynna gekry is, wat Sybella van vreugde laat huil. Later gaan hulle Zonga's toe en besef dis eintlik Jynna se eerste keer in Zonga's. Terwyl die groep vriende lag en gesels, sien Sybella vir Seth na haar aangeloop kom. Sy vra dat hulle alleen by ’n tafeltjie gaan gesels. Sybella vertel Seth dat sy weet dat hy die opspoorder op haar geplaas het, en ook dat hy haar steeds met Haldi verkul. Seth verdedig homself deur te sê dat hy geld nodig gehad het en nie altyd in ’n asgatwurm kan sit nie. Sybella stap van hom weg terug na haar vriende toe. Aanvanklik is dit stil om die tafel voordat Zuri sug en sê dis reg dat Sybella vir Seth reggesien het.

Kontekstuele vrae:

27.1 Motiveer waarom hierdie hoofstuk deel van die afwikkeling vorm.

27.2 Waar het die inligting vandaan gekom om op die hologramvlakke te versprei?

27.3 Sal jy daarvan hou om nuus op hierdie manier te lees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

27.4 Watter verduideliking gee Zuri daarvoor dat sy vir Cedric doodgemaak het?

27.5 Watter karaktereienskap kan van Lilith afgelei word dat sy vir Cedric agtergelaat het sonder om 'n oog te knip?

27.6 Waarna verwys Sybella as sy dink oor die langste en koudste winter van haar lewe?

27.7 Watter simboliek sal aan lente gekoppel kan word?

27.8 Watter belangrike nuus gee Jax op 'n gedagteteks aan Sybella?

27.9 Waarom het Coco nie werklik ’n naam nie, maar wel die een wat Sybella vir haar gebruik?

27.10 Stem jy saam met wat Sybella aan Seth sê? Gee redes vir jou antwoord.

Hoofstuk 28

Tyd: Dieselfde middag as in Hoofstuk 27

Opsomming:

Jax kom met ’n groot glimlag in Zonga's ingestap nadat hy eers ’n transaksie afgehandel het. Zuri herinner vir Sybella daaraan dat sy besig was om iets oor Lilith te vertel voordat hulle deur Jax onderbreek is. Sybella vertel dat sy haar bloed geneties geredigeer het en dit op Lilith geteiken het, wat nou Lilith se gene gaan verander. Sybella verduidelik presies wat sy gedoen het en vertel dat sy eintlik haarself teen Lilith wou verdedig, haar wou waarsku dat Sybella se DNS haar skade

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

kan aandoen. Sybella verduidelik hoe sy genetiese materiaal van Zuri gekry het. Sybella verduidelik ook waarom Jax vir haar ’n GeneConverter-stel op die Donkerweb moes opspoor. Nadat Sybella meer besonderhede gegee het, is Zuri van mening dat Lilith haar verdiende loon kry. Zuri is ook van plan om ’n eis vir haar en Kai teen die Biotronboedel in te sit en ’n woonstel in Waterkloof, naby aan Eastwood te koop. Zuri wil weet hoe Sybella agtergekom het dat sy die geenmutasie dra. Sybella sê dat haar vel dui op die mutasie, en dat sy dit in haar ma se literatuurstudie oor vorige CRISPR-navorsing gelees het. Zuri besef dat een van die die implikasies vir Lilith is dat sy ook die XtraTrans-mense, soos Cedric, langer sou kon laat leef het.

Kontekstuele vrae:

28.1 Watter handeling van Meliwami dui daarop dat hy nie Jax as belegger in Zonga's gaan aanvaar nie?

28.2 Watter voordeel dra die BS3y-geen? Hoe sou hierdie geen vir Lilith tot nut wees?

28.3 Is dit eties/reg dat Sybella genetiese materiaal van Zuri sonder haar toestemming gebruik het? Motiveer jou antwoord.

28.4 Waarom is die GeneConverter-stel nie wettig om te gebruik nie?

28.5 Watter invloed het die mutasie op Lilith? Dink jy Lilith verdien dit? Motiveer jou antwoord.

28.6 Hoe sluit die naam Kwarteltjie by Sybella se geen-mutasie aan?

28.7 Watter deel van die verhaalstruktuur is hierdie hoofstuk?

Hoofstuk 29

Tyd: ’n Oggend naby Sybella se woonstel

Opsomming:

Yala en Sybella is in die park en Yala vra of Sybella saam met haar sal kom draf nou dat dit lente word. Jynna het by die Etswagoli Skoolkollege ingeskryf en dit lyk asof sy nou gelukkig is. Sybella sê dat sy tevrede voel aangesien sy nou weet wat met haar ma gebeur het. Sy het ook vrede gemaak oor Seth se ontrouheid. Sybella sê dat sy Biogenetiese Ingenieurswese gaan studeer soos wat sy en haar ma altyd beplan het. Yala het ook goeie nuus dat sy ’n nuwe tak van Zonga's in Waterkloof gaan bestuur. Sybella gee aan Yala ’n geskenk, ’n e-treinkaartjie Kongo toe en ook ’n ID-dokument. Nou het Yala nie meer iets te vrees vanaf die polisie nie. Laastens teken Sybella ’n gloeiende patroon van lusse en krulle, in Yala se gunsteling kleure, oor Yala se tatoeëermerke.

Kontekstuele vrae:

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

29.1 Motiveer dat hierdie hoofstukinhoud by die slot van die verhaalstruktuur inpas.

29.2 In watter milieu speel hierdie hoofstuk af?

29.3 Watter inligting omtrent Jynna en Yala word hier aan die leser gegee?

29.4 Dink jy dat Sybella die regte studiekeuse uitgeoefen het? Motiveer jou antwoord.

29.5 Dink jy dis reg dat Sybella en Zuri vir Yala 'n ID-dokument gekry het? Gee ’n rede vir jou antwoord.

LITERÊRE OPSTELVRAAG (Gr. 10)

In die KABV (2011:35) word die literêre opstel soos volg beskryf: ’n Literêre opstel is wanneer daar vertolkend, evaluerend, nadenkend of persoonlik op 'n teks reageer word. In ’n literêre opstel word argumente aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys. Daar kan ook ’n persoonlike respons gevra word.

Formaat van ’n literêre opstel

Die basiese formaat van ’n opstel bestaan uit ’n inleiding, liggaam en ’n slot.

Inleiding

- Die inleiding hou met die vraag verband en kan in een sin of ’n paar sinne aangebied word.

Liggaam

- Die liggaam bestaan uit die argumente wat ondersteun/geïllustreer word.



- Die verskillende argumente word nie noodwendig elkeen in ’n eie paragraaf aangebied nie (die argumente moet by die konvensies van ’n opstel aansluit).

Slot

- Die slot van die opstel word in ’n afsonderlike paragraaf aangebied.
- Die slot behoort met die vraagstelling verband te hou.

Wenke:

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

- In die literêre opstel moet die aantal woorde effektief gebruik word om die vraag te beantwoord.
- Daar moet ’n goue draad deur die opstel loop, dis nie blote losstaande feite nie.

Voorbeelde van literêre opstelvrae

Die vraagsteling behoort met die inhoud wat bestudeer word, verband te hou, bv.

Aspek wat volgens die KABV bestudeer word	**Voorbeeld van ’n moontlike literêre opstelvraag**
Intrige en subintrige/spanningslyn Verwys na bl. 10 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	Bespreek die motoriese moment in die roman in ’n opstel van 300 tot 350 woorde en dui aan hoe die motoriese moment tot die antwoorde lei waarna Sybella op soek is.
Karakter en karakterontwikkeling Verwys na bl. 13 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	In die roman *Donkerbloed* is Sybella die hoofkarakter (protagonis) en Lilith 'n newekarakter en die antagonis. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.
Karakterisering Verwys na bl. 16, 58 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	Die karakters in die roman *Donkerbloed* word m.b.v. karakterseringstegnieke aan die leser bekendgestel. Bespreek die karakteriseringstegnieke in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.
Innerlike en uiterlike konflik Verwys na bl. 18 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	In die roman *Donkerbloed* beleef Sybella konflik. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.
Temas en boodskappe Verwys na bl. 21,56 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	"Die waarheid lê naby, haar einde nader" Bespreek die tema van *Donkerbloed* na aanleiding van bg. aanhaling in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.
Agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema Verwys na bl. 23 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	Bespreek in ’n opstel van 300 tot 350 woorde hoe die milieu waarin die roman afspeel ’n inloed op die karakters het.
Stemming, ironiese wending/afloop Verwys na bl. 26 in hierdie gids wat jou behulpsaam kan wees.	Bespreek die elemente wat tot die stemming in die roman bydra in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.
Tyd en tydsverloop.	In die roman word ’n blik op die toekoms (2045) gegee. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

VOORBEELD VAN ’N LITERÊRE OPSTEL

Die karakters in die roman Donkerbloed word m.b.v. karakterseringstegnieke aan die leser bekendgestel.

Bespreek die karakteriseringstegnieke in die roman in ’n opstel van 300 tot 350 woorde.

Karakteriseringstegnieke word gebruik om die karakters aan die leser bekend te stel.

Lilith Rox is ’n karakter in *Donkerbloed.* Wat ander karakters van hierdie karakter sê en ook wat die karakter self sê is een van die tegnieke wat gebruik word om Lilith te karakteriseer. Sybella beskryf Lilith as gierig, skelm en ook as ’n moordenaar. Sybella sê hierdie woorde nadat Zuri haar vertel het hoe Cedric, op Lilith se bevel, vir Jon en Berri versmoor het omdat hulle ’n velsiekte ontwikkel het na aanleiding van genetiese manipulasie. Nadat Sybella uitvind dat Lilith die mediese ontdekkings van haar (Sybella se) ma gebruik het om geenredigering van poligeensiektes toe te laat, vertel sy Seth dat Lilith gevaarlik en agterbaks is. Later in die roman ondersteun Lilith se handeling hierdie eienskappe. In ’n poging om Sybella se bewegings te volg, plaas Seth, op Lilith se versoek, 'n opsporingstoestel op Sybella. Haar handeling daarna, om Jynna met ’n pistool teen die kop te ontvoer, bewys dat Lilith gevaarlik is.

Die handeling van ’n karakter is nog een van die karakteriseringstegnieke. Naemi se handeling dui byvoorbeeld daarop dat sy ’n hulpvaardige persoon is. Alhoewel dit gevaarlik is, help sy vir Sybella om in die ektogenesis-laboratorium in te kom op soek na leidrade wat by Biotron Babas aangaan. Naemi laat ook toe dat Sybella saam met haar na Lilith se kantoor toe gaan, toe Naemi daar moes skoonmaak, sodat Sybella in Lilith se kantoor kon rondsnuffel op soek na antwoorde. Waar Naemi se handelinge op positiwiteit dui, dui Cedric se handelinge op sy oortreding van wette en dat hy ’n gevaarlike moordenaar is. Cedric het ’n kolonie insekhommels waarmee hy, teen die wet, saans Bryanston se strate mee patrolleer. Verder is Cedric ’n moordenaar wat vir Jon en Berri versmoor het, en van plan is om Lilith te help om vir Sybella te vermoor deur *Plasmodium* in haar in te spuit.

Karakteriseringstegnieke in ’n roman is ’n belangrike manier om die karakters se eienskappe te leer ken.

VERRYKINGSAKTIWITEITE

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Geskrewe mediatekste: **Koerantberig**

Skryf die koerantberig in 160 tot 180 woorde met die opskrif van die nuushoofkoppe wat aan die begin van Hoofstuk 27 gegee word.

Hoof Uitvoerende Beampte van Biotron Babas in skandaal betrokke Is dit die einde van Biotron Afrika? Biotron Babas-sekuriteitshoof verdink van kindermoord. (2021:215)

Geskrewe interpersoonlike en transaksionele tekste: Dagboekinskrywing

Yala is die karakter wat aan hokgevegte deelgeneem het en deur Sybella in Sunnyside gevind is. Later in die roman gee Yala die geld aan Sybella sodat Jynna "vrygelaat" kan word.

Skryf DRIE dagboekinskrywings as Yala. Jou dagboekinskrywing moet twee dae voor bg. hokgeveg bevat en die dag wat sy die hokgeveg gehad het. Jou dagboekinskrywing moet in 160 tot 180 woorde geskryf word.

Multimedia/visuele tekste vir inligting: plakkaat

Biotron Babas bied ook aan ouers die geleentheid om geneties gemodifiseerde babas te hê.

Teken ’n plakkaat waar jy Biotron Baba bekendstel.

PROJEK (Gr. 9)

ONDERWERP: Webjoernaal (blog)

TYDSDUUR: 6 weke

PUNTE: 50

Instruksies:

1. Ontwerp ’n webjoernaal (blog).
2. Die webjoernaal word op die roman *Donkerbloed* gebaseer.
3. Jou webjoernaal moet uit 10 volledige inskrywings bestaan.
4. Die inskrywings moet by die roman *Donkerbloed* aansluit. Kies een van die karakters in die roman en jy gaan die webjoernaal namens daardie karakter skryf, dus gaan jy naby aan die romaninhoud bly.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

5. Jy mag foto's, sketse, ander visuele materiaal byvoeg om jou webjoernaal interessant te maak en die onderwerp te ondersteun.
6. Jy gaan ook 'n voorlegging aan die klas doen.

'n **Webjoernaal** word ook 'n blog of 'n weblog genoem. 'n Webjoernaal bevat daaglikse gebeure, staaltjies en selfs foto's van 'n persoon se lewe. Daar word ook gewoonlik spasie aan die onderkant van die webjoernaal gelaat waar die lesers hul reaksies kan plaas. 'n Webjoernaal kan ook 'n potgooi insluit.

FASE 1: Navorsing

- Plak jou navorsing (waar moontlik) in jou eie handskrif. Onthou om ook die bronverwysing van jou navorsing te gee. Jy gaan uiteindelik 'n bronnelys moet saamstel.
- Hier is moontlike bronne wat jy kan gebruik:
  https://www.youtube.com/watch?v=DUEJcHMIxkw
  https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/n-blade-runner-vir-tieners-20211003
  https://www.fak.org.za/2021/09/09/fiksie-sonder-grense/
- Onthou egter dat die sukses van jou projek van die kwaliteit van jou bronne en jou kennis van die roman gaan afhang.
- Maak notas in jou skrif van jou navorsing. Onthou dat jy aanhalings mag gebruik, maar jy mag nie iemand anders se werk as jou eie aanbied nie – dis plagiaat.
- Vra sowat 10 vrae wat jou met jou navorsing gaan help, bv.
  Watter inligting verwag my onderwerp van my?
  Op watter dele van die roman/karakter se verhaal gaan ek fokus?
  Watter visuele media gaan my help om die inligting te ondersteun?
  Watter werklike dele uit die roman gaan ek gebruik en waar gaan ek kreatiewe dele van my eie byvoeg?

FASE 2: Beplanning

- Beplan jou webjoernaal in jou skrif.
- Beplan die visuele media wat jy by elke deel van die webjoernaal gaan gebruik.
- Besluit op die uitleg van jou webjoernaal. Teken dit rofweg in jou skrif.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Wenke vir die skryf van ’n webjoernaal kan by https://www.litnet.co.za/die-wow-moets-en-moenies-van-blog/ gevind word.

- Dink aan ’n gepaste titel vir jou webjoernaal.

FASE 3: Skryf en ontwerp van die webjoernaal

- **Pre-skryf**
  - Lees jou notas vir een inskrywing van ’n webjoernaal op ’n slag.
  - Een inskrywing behoort ’n eie onderwerp (fokuspunt) te hê.
  - Organiseer jou inligting.
  - Skryf die webjoernaal se inskrywings en teken rofweg waar die visuele media geplaas gaan word.
- **Skryf**
  - Redigeer die inskrywings in jou webjoernaal.
  - Skryf of tik die finale inskrywings
  - Plaas die visuele media op die korrekte plekke in.
  - Skryf heel laaste jou bronnelys/bibliografie neer.
  - Hierdie geskrewe deel gaan ook deel van jou mondelinge aanbieding vorm.
  - Plaas die projek in jou SBA-lêer.

FASE 4: Voorlegging

- Berei jou voorlegging voor deur weer deur jou webjoernaal te lees.
- Besluit watter inskrywings/inigting jy met die klas gaan deel.
- Bêre al die inligting veilig en voltooi die bibliografie.

FASE 5: Nabetragting/selfevaluering

Beantwoord die volgende vrae in jou skrif:

- Was dit vir jou interessant om meer navorsing te doen?
- Wat sou jy 'n volgende keer anders aangepak het? Waarom?

RUBRIEKE (vanaf Ekurhuleni-Noord onderwysdistrik)

KRITERIA	9 – 10	7 - 8	5-6	3-4	1-2

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Aantal, verskeidenheid en kwaliteit van die bronne wat gebruik is					
	Uitstekende gebruik van bronne. Meer as die verwagte hoeveelheid bronne is gebruik.	Goeie gebruik van 'n verskeidenheid bronne wat relevant tot die onderwerp is.	Die verwagte aantal bronne is gebruik. Daar is 'n gebrekkige verskeidenheid (bv. slegs die bronne wat in die klas verskaf is)	Die aantal bronne is ontoereikend. Geen verskeiden-heid van bronne nie	Geen bronne is gebruik nie. Enige bronne wat wel gebruik is, is nie relevant tot die onderwerp nie.
Bibliografie			**2**	**1**	**0**
			Relevante bibliografie/ verwysings/ bronnelys is verskaf	Irrelevante bibliografie/ verwysings/ bronnelys	Geen bibliografie/ verwysings/ bronnelys
Organisatoriese tegnieke en vaardighede (bv. breinkaarte, opsommings/beplanning) is gebruik om finale projek te lewer		**7-8**	**5-6**	**3-4**	**1-2**
		Organisato-riese tegnieke en vaardighede lewer 'n uitstekende projek.	Organisato-riese tegnieke en vaardighede lewer 'n goeie projek.	Organisato-riese tegnieke en vaardighede lewer 'n gemiddelde projek	Organisato-riese tegnieke en vaardighede lewer 'n elementêre projek
TOTAAL (20)					

Skriftelike werk	**Uitmuntend**	**Goed**	**Gemiddeld**	**Elementêr**	**Swak**
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Behoorlike beplanning. Effektiewe eerste weergawe geskryf.	Behoorlike, deeglike beplanning. Al die vrae beantwoord	Goeie beplanning gedoen. Meeste van die vrae beantwoord	Gemiddelde beplanning. Heelwat vrae beantwoord	Beperkte en elementêre beplanning. Min vrae beantwoord	Geen beplanning. Geen van die vrae beantwoord nie
Formaat en struktuur	Uitstekende kennis van verwagte formaat en struktuur	Goeie kennis van verwagte formaat en struktuur	Gemiddelde kennis van verwagte formaat en struktuur	Basiese kennis van verwagte formaat en basiese struktuur	Geen verband met verwagte formaat en min tot geen struktuur

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

Hantering van die onderwerp met betrekking tot relevansie en oorspronklikheid	Uitmuntende hantering van die onderwerp – heeltemal relevant en baie oorspronklik en kreatief	Goeie hantering van die onderwerp – relevant en oorspronklik.	Gemiddelde hantering van die onderwerp –vaagweg relevant met ‘n beperkte mate van oorspronklik-heid	Beperkte hantering van die onderwerp – basiese relevansie en grootliks onoorspronk-lik	Swak hantering van die onderwerp – geen relevansie en onoorspronk-lik
Kreatiewe gebruik van gekose genre	Goeie verbeelding-ryke interpretasie van die gekose genre	Verbeelding-ryke interpretasie van die gekose genre	Gemiddelde tot redelike interpretasie van die gekose genre	Beperkte tot min interpretasie van die gekose genre	Swak interpretasie van die gekose genre
Voorlegging van die webjoernaal	Uitstekende gebruik van die navorsing en ‘n kreatiewe webjoernaal voorgelê	Goeie gebruik van die navorsing en ‘n goeie kreatiewe webjoernaal voorgelê	Gemiddelde gebruik van die navorsing en ‘n redelike kreatiewe webjoernaal voorgelê	Elementêre gebruik van die navorsing en ‘n elementêre we bjoernaal voorgelê	Swak gebruik van die navorsing en geen kreatiewe webjoernaal voorgelê nie
Redigering	Uitmuntende redigering	Goeie redigering	Gemiddelde redigering	Elementêre redigering	Geen redigering nie
Totaal: 30					

Mondeling	Uitmuntend	Goed	Gemiddeld	Onbevredigend	Nie behaal nie
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Goeie inleiding tot onderwerp en navorsing.	Uitmuntende inleiding tot onderwerp en uitstekende navorsing.	Goeie inleiding tot onderwerp en goeie navorsing	Gemiddelde inleiding tot onderwerp en gemiddelde navorsing.	Onbevredigende inleiding tot onderwerp en beperkte navorsing.	Swak inleiding tot onderwerp en basiese tot geen navorsing.
Uitspraak, frasering en gebruik van punktuasie	Uitmuntende uitspraak en frasering, asook gebruik van punktuasie	Goeie uitspraak en frasering, asook goeie gebruik van punktuasie.	Gemiddelde uitspraak en frasering, asook bevredigende gebruik van punktuasie	Onbevredigende uitspraak en frasering, asook beperkte gebruik van punktuasie.	Swak uitspraak en frasering, asook geen gebruik van punktuasie
Toepaslike liggaamstaal tydens aanbieding van projek	Uitmuntende gebruik van liggaamstaal tydens aanbieding	Goeie gebruik van liggaamstaal tydens aanbieding	Gemiddelde gebruik van liggaamstaal tydens aanbieding	Onbevredigende gebruik van liggaamstaal tydens aanbieding	Swak, ontoepaslike gebruik van liggaamstaal tydens aanbieding
Gebruik van bronne vir die skep van ‘n goeie projek	Uitmuntende gebruik van bronne.	Goeie gebruik van bronne.	Gemiddelde gebruik van bronne.	Onbevredigende gebruik van bronne.	Beperkte tot geen gebruik van bronne.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

PROJEK (Gr. 10)

ONDERWERP: Letterkundeprojek (roman)

TYDSDUUR: 1 tot 2 uur

PUNTE: 35

Instruksies:

1. Hierdie projek bestaan uit navorsing wat jy moet doen om bepaalde vrae te beantwoord en ook om ’n opstel oor jou navorsing te skryf.
2. Die projek handel oor die roman *Donkerbloed*.
3. Skryf netjies en leesbaar.
4. Plaas jou projek in jou SBA-lêer.

FASE 1

Hierdie is die navorsingsfase waar die leerders die geleentheid kry om 'n onderwerp uit die roman na te vors. Die leerders mag alle navorsing wat handboeke, studiegidse en notas insluit, raadpleeg om hulle met hul navorsing te help.

FASE 2

Die leerder voltooi ’n skryfaktiwiteit om die kennis wat deur die navorsing opgedoen is, toe te pas. Hierdie aktiwiteit word onder gekontroleerde omstandighede afgehandel.

OPDRAG

1. Hoe sluit die volgende diere by die romaninhoud aan:

   1.1 bobbejaan (2)

   1.2 suikerbekkies (2)

   1.3 pofadder (2)

   1.4 hiëna (2)

   1.5 mossie (2)

2. Die roman *Donkerbloed* speel in die jaar 2045 af.

   Bespreek die taal en die milieu wat die skrywer gebruik het om dié bepaalde milieu van die jaar 2045 te skep in ’n opstel van 300 tot 350 woorde. (25)

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

RUBRIEK

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	12–15	9–11	6–8	4–5	0–3
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	-Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	-Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	-Samehangende struktuur -Uitstekende inleiding en slot -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	-Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas -Paragrafering meestal korrek	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie -Paragrafering foutief	-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

ANTWOORDE: KONTEKSTUELE VRAE

Hoofstuk 1

1.1 Die eksposisie. Die karakters en ruimte word aan die leser bekendgestel.

1.2 Sunnyside

1.3 "Sunnyside", "avatarklubs"

1.4 Die hokvegter het seergekry, benodig mesiese hulp. Die hoofkarakter is 'n omgeemens, sy gee vir ander se welstand om.

1.5 Daar is hommels wat die strate op soek na verdagte mense patrolleer.
Die hoofkarakter kyk op 'n polspaneel om boodskappe te lees.

1.6.1 Spierman is kwaad vir die kleiner man as hy nie die hokvegter wat hy buite gelos het, kan kry nie.

1.6.2 Nee, want die hokvegter kan nie deur hulle gevind word nie.

1.7 Die ekverteller/Sybella weet nog nie wat die naam van die hokvegter is nie. Die leser word by die verhaal betrek as sy/hy wonder wie die hokvegter is en watter rol sy in die verhaal speel.

1.8 Eerstepersoonsverteller.
Voordeel: die gebeure is geloofwaardig.
Nadeel: Die verteller is nie alwetend nie, weet dus nie waarom meisie buite lê nie.

1.9 Thys, die kraaipop. Dit was Jynna, haar oorlede sussie, se pop.

Hoofstuk 2

2.1.1 Sybella (Francke)

2.1.2 Die verteller weet nie waarom Jax frons nie.
Die verteller kan nie meer inligting i.v.m. Jax se emosionele toestand gee nie.

2.2 Hulle glo om gewoon te wees is om swak te wees.
Krag is vir hulle belangrik.

2.3 Eie antwoord, bv. Meliwami is 'n goeie gasheer wat die klubgangers tuis laat voel.

2.4.1 Vrees/ongemak

2.4.2 Ja, aangesien Cedric met 'n roofdier vergelyk word wat tot die vrees bydra, wonder die leser wat Cedric gaan doen.

2.5 Hy wil nie iemand in sy lewe hê wat al op veertig uitbrand nie.

2.6 Ja. Dit is iets wat nie vandag (2021) plaasvind nie, maar wat in die toekoms kan gebeur.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

2.7 Omdat hulle nie dieselfde DNS-vingerkode as Sybella het nie. Die kode is uniek tot elke persoon, gebaseer op sy genetiese samestelling.

2.8 Lilith en wat haar rol in Sybella se lewe is, word aan die leser bekendgestel.

Hoofstuk 3

3.1 Yala is in die Kongo gebore, waar Frans een van die amptelike tale is.

3.2 Jynna se klere was meer kleurvol, vroliker as wat Sybella s'n is.

3.3 Sybella word Kwarteltjie genoem.

Ja, haar vel lyk soos die van 'n kwarteleier se dop, vol sproete.

3.4 Daar is geen elektrisiteit nie.

Mamelodi het nie 'n rioolstelsel nie.

Dit word as 'n krotbuurt beskryf.

Die mense woon ondergronds of in sinkplaatgehuggies.

3.5.1 Die suikerbekkie herinner Sybella aan Seth.

3.5.2 Nee, Yala het die tatoeëermerke by die polisie gekry.

3.6 Eie antwoord, bv. Ja, haar ma kon iets met geen-navorsing ontdek het, wat iemand nie wou hê moes rugbaar word nie.

3.7 Dit is haar ma en suster se dood.

Die omstandighede rondom die dood, het teenstrydighede, laat Sybella met vrae.

Hoofstuk 4

4.1 Meliwami sê dat sy gemmerkola drink totdat dit by haar neusgate uitloop.

4.2 Albei is dapper en sportief.

4.3 Spierman

Ja, die man is groot en gespierd.

4.4.1 Innerlike konflik

4.4.2 Meliwami laat haar lag as hy oor 'n kuboorg-toy boy skerts.

4.5.1 Eie antwoord, bv. Ja, die leser wonder of daar ander karakters onder soortgelyke omstandighede verdwyn het.

4.5.2 Ma en Jynna

Hoofstuk 5

5.1 Hierdie lugtaxi-rit is in 'n privaat, eksklusiewe lugtaxi geneem

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

5.2 Eie antwoord, bv. Sybella wou eerder tyd aan haar studies spandeer as om te gaan werk.

5.3 Ongemak/hartseer

Sybella dink terug aan die lugtaxt-ongeluk waarin haar ma en Jynna gesterf het.

5.4 Eie anwoord, bv. Die musiek in die lugtaxi is die geluide van die natuur wat vernietig is, bv. singende paddas, terwyl die hedendaagse musiek meer musiek met woorde is,

5.5 Eie antwoord, bv. Nee, dan lééf 'n mens nie werklik nie, mens het mense en dinge nodig om werklik te leef.

5.6 Mamelodi is ’n krotbuurt met huise van sink/of die mense woon ondergronds, terwyl Sybella in Eastwood in 'n woonstel woon.

Mamelodi is 'n gevaarlike buurt, terwyl Eastwood nie so gevaarlik is nie.

5.7 Sybella het ’n toekenning ontvang vir haar vaardighede met DNS-studies (AquaLumen-pen).

5.8 Eie antwoord, bv. Ja, dan kan Sybella probeer uitvind of Lilith iets met haar ma/sussie se dood te make het.

5.9 Meliwami

Hoofstuk 6

6.1 Daar is ’n polisieman wat die park patrolleer. Die polisieman mag nie vir Yala, wat saam met Sybella is, sien nie, want sy is 'n onwettige immigrant.

6.2 Dit is die wyse waarop alle onwettige immigrante gebrandmerk word, en Yala is onwettig in Etswagoli.

6.3 Die AquaLumen-pen is ’n veilige en goedkoop manier om permanente tatoes te doen.

6.4.1 Sybella gaan die gebeure uit haar oogpunt vertel wat dit geloofwaardig gaan maak.

6.4.3 Die hiëna verwys na die hartseer wat Sybella oor haar ma en suster se dood ervaar, want sy verwys na die hartseer wat haar soos ’n honger hiëns uitmekaarskeur. (Oorweeg ander gepaste antwoorde)

6.5 Haar ma het navorsing oor die nuutste metodes van geenredigering gedoen.

6.6 "Ek snak na my asem."

Hoofstuk 7

7.1 In Zonga's

7.2.1 Innerlike konflik

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

7.2.2 Sybella is nog nie oor die verbreekte verhouding van haar en Seth nie. Sy sien hom in Zonga's instap, en sy is nog nie reg om hom te sien nie.

7.2.3 Nee, want Sybella wil nie met Seth gesels nie.

7.2.4 Dit voel asof haar lyf soos water word en haar hart in koue strome oor die vloer vloei.

7.3 Hy is onbetroubaar.

7.4 Eie antwoord van leerder.

7.5 Sy sien Jynna as een van die kelnerinne op die foto, en Jynna is veronderstel om ook in die lugtaxi-ongeluk gesterf het.

7.6 Sy gaan wel Lilith se aanbod om daar te kom werk, aanvaar.

Hoofstuk 8

8.1 In Pastiche (’n restaurant op ’n landgoed in die Krokodilrivervallei) en later by Sybella se woonstel in Eastwood.

8.2 Hy wil haar bederf deur te wys dat hy verander het.
Hy wil haar vra om hul verhouding weer ’n kans te gee.

8.3 Meilwami dink Sybella was dom om weer vir Seth se mooipraatjies te val.

8.4 Hy bestuur die stortingsterrein se ontginningsrobot (“ asgatwurm”) by Onderstepoort.

8.5 Hy maak verskonings oor die werk en sê dat die betaling goed is.

8.6 Sy sou saam met hulle in die lugtaxi na die geleentheid gegaan het, maar het op die nippertjie besluit om eerder saam met Seth na die geleentheid te gaan.

8.7 Onverantwoordelik (deur nie sy aandeel in die verbreekte verhouding te erken nie)
Onbetroubaar (deur vir Sybella met Haldi te verneuk)

8.8 Naamgewing
Sybella het sproete op haar vel nes die van ’n kwarteleier.

Hoofstuk 9

9.1 Aqua-laboratorium

9.2 Die laboratorium is nuut en daar was nie ’n ander laboratorium-assistent voor Sybella nie (Lilith het 'n leuen vertel toe sy dit sê).

9.3 Sy help vir Sybella om in 'n laboratoroium in te kan gaan.

9.4 Jy kan lank lewe.
Eie antwoord, bv. Ja, Lilith werk daaraan om langlewendheid as kenmerk by die babas van Biotron te voeg.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

9.5 Sy probeer om Jynna op te spoor en soek na moontlike leidrade.

9.6 Van Sybella, hulle praat van iemand wat moet aanpas by die werk.

9.7 Lilith het dalk 'n plan om dit te versprei en so mense se dood te veroorsaak.

Hoofstuk 10

10.1 Sy aktiveer die mediese nanobots in haar bloedstroom.
Ja, die verhaal speel in 2045 af waar sekere gevorderde en nuwe tegnologies metodes dan in gebruik sal wees.

10.2 Leuenaar

10.3 Sy wil dit moontlik weer as ’n siekte tussen mense versprei.

10.4 Sybella dink dat Lilith met 'n geldmaakskema besig is en Yala dink dat sy die wêreld weer met malaria wil besmet.

10.5 Sodat die muskiete kan uitsterf en nie meer malaria kan veroorsaak nie.

10.6 Eie antwoord, bv. Ja, Sybella sê dat mens nie weet wat Jax gaan doen nie.

10.7 Omgee (aangesien sy na Jax omsien toe sy ma nie kon nie)

10.8 Sybella het in die nag uitgeglip en nie vir Yala daarvan vertel nie. Yala wag haar bekommerd in toe sy terugkeer.

Hoofstuk 11

11.1 Die hoofstuk begin in die ruimte Muckleneuck waar Sybella aan Yala haar proteskuns gaan wys. Dit vind in die nag plaas.

11.2 Sybella se skilderye is proteskuns, sy protesteer teen die uitwissing van diere en kan in die moeilikheid met die polisie beland as hulle weet wat sy doen, snags in Muckleneuck is daar nie baie polisiehommeltuie op straat nie.

11.3 Eie antwoord, bv. Ja, dit wat Sybella skilder sluit aan by diereuitwissing.

11.4 Sybella skilder sensitiewe kwessies.
Die bobbejaan dui op die uitsterwing van spesies.

11.5 Hy laat ‘n bos koningsproteas by Sybella aflewer.

11.6 Eie antwoord, bv. Dit sal Sybella baie hartseer maak om ’n avatar van haar ma te sien, wat kan veroorsaak dat dit nog moeiliker is om haar ma se dood te verwerk.

11.7 Eie antwoord, bv. Ja, dit sal deel van my nalatenskap, spore wees.

11.8 Die meisie met die horings wat vir Sybella in Lilith se kantoor betrap het.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 12

12.1 By Biotron, Zonga's en in 'n avatarklub

12.2 Sy klink eerlik en direk toe sy met Sybella praat oor Sybella se vel.

12.3 Eerlikheid/opregtheid

12.4 Dit is die naam en kode wat Zuri as genmodkind by Lilith gekry het.
Zuri weet van en het bewyse van die ander genmodkinders wat Cedric op Lilith se bevel vermoor het. Sy gebruik hierdie video om Lilith mee af te pers.

12.5 Nee, hy groet skaars vir Seth en sit die koffie wat hulle bestel het, baie hard op die tafel neer.

12.6 Beskermend

12.7 Eie antwoord, bv. Ja, andersins kon Lilith ook vir Zuri en haar broer laat vermoor het.

12.8 Zuri herken vir Jynna op die foto.

Hoofstuk 13

13.1 Die avatarklub

13.2 Verbasing/verstomming
"klink of Zuri se stem deur ’n vakuumbuis aangesweef kom"

13.3 Die eerstepersoonsverteller kan haar eie emosies die beste beskryf.

13.4 Behulpsaam

13.5 Eie antwoord, bv. Nee, Zuri ken nie vir Yala of Meliwami so lank as wat Sybella hulle ken nie, en kan daarom nie 'n uitspraak lewer nie.

13.6.1 Eie antwoord, bv. Nee, Sybella gee vir mense om en sal nie vir Zuri se broer skrik nie,

13.6.2 Zuri se mutasies is net die horings wat sy het, sy is nie so erg soos Kai beïnvloed nie.

13.7 Die hoofstuk eindig nadat Zuri vir Sybella teen haar broer se voorkoms gewaarsku het en Zuri stel Kai aan Sybella voor – die leser het nie meer besonderhede oor die waarskuwing nie.

Hoofstuk 14

14.1 Kai word deur sy voorkoms gekarakteriseer; hy het swart hare en oë die kleur van bloureën (die plant voor Sybella se venster).

14.2 Eie antwoord, bv, Kai wil graag raakgesien word vir wie hy as mens is en nie op grond van sy voorkoms nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

14.3 Ja, die verteller maak van beskrywende woorde soos "bloureën", "kookwater oor hom uitgegooi" en "vratte" gebruik wat 'n duidelike prentjie van sy voorkoms skets.

14.4 Dat Jynna by 'n gesellinklub werk.
Eie antwoord, bv. Nee, dit is nie, daar kan gewag word totdat daar meer van Jynna bekend is.

14.5 Cedric kom nie die wette na nie.

14.6 Dis nie toevallig dat Jynna by Biotron gewerk het en nou Sybella nie. Daar is 'n rede dat Lilith in hulle belangstel.

14.7 Sybella is in hul woonstel, en sy mag nie daar wees nie.

14.8 Kai maak asof hy 'n epileptiese aanval kry en Zuri het voordat sy die deur oopgemaak het, vir Sybella in ’n sitbank laat wegkruip.

Hoofstuk 15

15.1 Ja, want Sybella dink dat Kai regtig 'n epileptiese aanval gekry het.

15.2 Cedric kan die epilepsiemerkers in Kai se bloed aanvra.
Cedric kan die lewe vir Zuri en Kai moeiliker maak.

15.3 Daar word retro-musiek gespeel wat haar aan haar ma en ouma laat dink.

15.4 Almal wat die klub besoek, kan vir hulle 'n avatar maak, ook met horings of ander eksotiese, vreemde voorkomste.

15.5 Yala kyk nie direk na Sybella nie, en maak asof sy kyk na die Elvis-heupswaaier by die tafel langs hulle.

15.6 Ja, want net soos die paddavis uitgelewer is aan iemand anders se genade , voel Sybella kwesbaar en buite beheer en weet nie waarom Lilith so vriendelik is nie.

15.7 Sybella wil graag verlof neem om na Jynna te gaan soek, maar Lilith wil nie die verlof toestaan nie, dus wonder Sybella of sy dan eerder moet bedank.

15.8 Eie antwoord, bv. ’n Boemelaar, daar is tot dusver nie 'n leidraad dat Lilith of Cedric die aanvaller aangesê het nie.

Hoofstuk 16

16.1 In die hospitaal (waar Sybella opgeneem is).

16.2 Meliwami het geweet dat die laaste videoteks van die Hatfieldstasie gestuur is, haar daar gaan soek en die polisie en hul honde gebruik om Sybella op te spoor.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

16.3 Waar Meliwami voorheen van mening was dat Sybella niks kan verloor om met Lilith kontak te maak nie, sê hy aan Sybella in die hospitaal dat Lilith glibberig soos ’n seepaling is.

16.4 Hy karakteriseer haar as ’n glibberige persoon, dus iemand wat nie kan vertrou kan word nie.

16.5 Dis gevaarlik vir Yala wat 'n onwettige immigrant is, omdat die hospitaalskandeerders haar kan opmerk en Zuri verskyn nie in die openbaar of publieke plekke met haar horings nie.

16.6 Uiterlike konflik

Yala sê aan Sybella dat sy haar moet uitlos, want sy mag doen wat sy wil, dat sy haar broer mis en meer geld nodig het vir sy skoolgelde, en dat sy wens sy was nie van Sybella afhanklik vir geld nie. Sy sê ook dat sy kwaad is oor die korrupsie in haar land.

16.7 Trots

Eie antwoord, bv. Ja, want dis te gevaarlik om aan hokgevegte deel te neem.

16.8 Seth en Sybella se verhouding vorm deel van die subintrige. Sy pogings om die verhouding te herstel, Sybella wat aanvanklik nie vir Seth kan nee sê nie, totdat sy aan hom sê hoe sy voel oor die feit dat hy haar met Haldi verneuk het, en steeds verneuk.

Hoofstuk 17

17.1 Eerstepersoonsperspektief

17.2 Sybella weet nie of Meliwami regtig ’n fout begaan het nie.

17.3 Sybella wil glo dat Seth nie vir haar sal jok nie, aangesien hy probeer om hul verhouding te herstel. Sy is weer verlief op hom en wil nie erken dat hy dalk ‘n leunenaar is nie.

17.4 Die gevegte van Hector is goed gereël en daar is ’n verklikkerstelsel wat sorg dat die polisie hom nie kan vasvat nie.

17.5 Eie antwoord, bv. Ja, Seth het homself bewys as iemand wat nie vertrou kan word nie, en hy sal oor Zuri praat by die verkeerde mense.

17.6 Hy leef wel en het niks oorgekom nie, want hy is weer op die Donkerweb waar hy speletjies speel en transaksies doen.

17.7 Sy kan nie die woorde uitkry nie, al wil sy.

17.8 Hy is skuldig. Seth probeer om nie met Sybella oor Haldi te praat nie.

17.9 Haar ma is eintlik die enigste mens met wie sy nou wil praat, sy kan dit net op die webwerf doen.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

17.10 Haar ma en Lilith is saam op ’n universiteitsfoto waar Lilith vermoedelik een van haar ma se dosente was.

Hoofstuk 18

18.1 Die eerste ruimte is die Sunnyside polisiekantoor en die tyd is gedurende die dag.
Daarna gaan Sybella na haar woonstel in Eastwood vir die res van die dag en die aand.

18.2 Sybella is geskok toe sy vir Seth en Haldi bymekaar sien by een van die tafels van die koffiekroeg.

18.3 Empatie
Yala se handeling karakteriseer haar.

18.4 Hy is nie ’n persoon met ’n sterk en goeie karakter nie.

18.5 Naemi het iemand wat soos Seth lyk, uit Lilith se kantoor sien stap.

18.6 Innerlike konflik

18.7 Seth wat saam met Haldi by die koffiekroeg was, en dus duidelik vir Sybella gejok het omdat hy die verhouding wou hervat.

18.8 Hy wil haar terug by Biotron hê omdat Lilith sekere planne met Sybella het.

18.9 Dalk het die insekhommels wat hy gebruik om te patrolleer, die video geneem.

Hoofstuk 19

19.1 Uiterlike konflik

19.2 Dat Cedric vir ’n vorige ongeluk van Sybella verantwoordelik was, waarskynlik die aanval in Hatfieldstasie.

19.3 'n Gesellinklub

19.4 XtraTrans-mense

19.5 Eie antwoord, bv. Nee, want Seth bly leuens vir Sybella vertel.

19.6 Sy kan hom nie meer vertrou nie, en sy wil haar tyd spandeer om vir Jynna op te spoor.

19.7 Albei was in dieselfde aanlyn-universiteitsklas.

19.8 Sy wonder waarom Lilith dit eerder aan hom sal vertel, maar nie aan haar (Sybella) nie./
Sy wonder waarom hy dit nou eers aan haar vertel.

19.9 Dit was ’n fout om Seth te ontmoet.
Sybella wil nie met Seth praat nie.
Sy wil nie by hom wees nie.

19.10 Vir Jynna

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 20

20.1 ’n Verkeersbot

20.2 Jynna het rooi hare

20.3 Sy wil haar nie verloor nie

20.4 Dis nie 'n veilige omgewing nie
Sybella stel hulle lewe in gevaar

20.5 Haar verhouding met Seth is vir altyd verby.

20.6 Jynna herken moontlik nie vir Sybella nie,

Hoofstuk 21

21.1 Sybella vergelyk haar grasieuse loop met die van 'n bergkat.

21.2 Sybella raak gespanne, moontlik bang

21.3 Ja, want die geluid wat die tuinhekkie in die stilte maak, klink soos ’n tarentaal wat skree.

21.4 Ryder is die "handler" en "landlord"
Jynna skuld hom geld om in die huis te kan bly wat eers betaal moet word.

21.5 Sy word op grond van haar voorkoms gekarakteriseer

21.6 Sybella moet die veertigduisend rand wat Jynna vir Ryder skuld, aan hom betaal.

21.7 Sybella hoop dat Thys sal help sodat Jynna haar geheue kan herwin.

Hoofstuk 22

22.1 Jax moes sy spore gaan doodvee (sodat Cedric nie meer ’n houvas op hom kon hê nie).

22.2 Cedric Morton
Cedric het vir Jax gedreig dat Sybella ook sal seerkry indien Jax nie doen wat Cedric wil hê hy moet doen nie.

22.3 Jax verwys ook na homself as ’n ratel wat ’n pofadder in sy bek het. Ratels is baie taai diere wat nie maklik prooi los nie, so Jax kom as ‘n sterk persoon voor.

22.4 Ringo Starr sing van iemand wat sestien is en Jynna is amper sestien jaar oud.

22.5 Eie antwoord, bv. Jax was dalk by onwettige dinge betrokke waarvan hy nie vir Sybella wil vertel nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

22.6 Cedric het die ongeluk help beplan en uitgevoer. Iemand het gesien dat ’n XtraTrans-man Jynna uit die taxi gehaal oomblikke voordat dit aan die brand geslaan het. Jynna is met ’n Lamborghini van die ongelukstoneel weggeneem.

22.7 Sybella wonder of sy die werk by Biotron aanvaar het as sy geweet het van Cedric en Lilith se aandeel

22.8 Sy lied, "I can see clearly now the rain is gone" is hier ironies as dit verwys na Sybella wat dink dat alles duister is en storms op pad is.

Hoofstuk 23

23.1 Jynna se kamer word met ’n tronksel se beknoptheid vergelyk.
Ja, dit is gepas want Jynna kan nie ontsnap as die geld vir haar vrylating nie betaal word nie en tronkselle is gewoonlik baie klein.

23.2 Om aan Jynna die versekering te gee dat Sybella wel haar (Jynna) se suster is.

23.3 Dit was haar geliefkoosde pop toe sy ‘n dogtertjie was, so sy behoort die pop te kan onthou.

23.4 Lilith het aan Jynna gesê dat 'n metaalskyfie haar breingolwe sou stimuleer om te kan onthou.
Nee, dit was eintlik ’n opspoorder sodat Lilith kan weet waar Jynna te alle tye is.

23.5 Lilith wou seker maak of Jynna die geen-mutasie het wat langlewendheid verseker.

23.6 Eie antwoord, bv. Ja, want die tarentaal skree weemoedig, hartseer.

23.7 Nee, want Lilith was reeds in Jynna se kamer.

Hoofstuk 24

24.1 As alles nie met Jynna uitwerk soos wat Lilith dit wil hê nie, kom sy vir Sybella haal.

24.2 Eie antwoord, bv. Daar is iets in Jynna se gene wat Lilith wil gebruik by Biotron Babas.

24.3 Eie antwoord, bv. Nee, hy is net op geld ingestel.

24.4 Seth het 'n opsporingstoestel op Sybella geplaas toe hy ’n afspraak met haar nagekom het.

24.5 Lilith het die ongeluk gereël en Cedric het die plan uitgevoer.

24.6 Want Lilith sal haar daar kan kry agv die opspoorder.

24.7 Zuri het met die sein van die opspoorder ingemeng, wat ’n week lank sal hou.

24.8 Eie antwoord, bv. Ja, want hulle kom ook vir Jax help toe hy moes vedwyn en ’n saak moes oplos.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

24.9 Haar ma het ook in haar navorsingsprojek oor langlewendheid geskryf. Sybella lees dat Lilith genetika gestudeer het.

24.10 "Bloed van my bloed, die punt van my hart, die asem van my bors."
Sybella se selle bevat die DNS-mutasie wat langlewendheid bepaal, en dit sou later in haar bloed gevind kon word.

Hoofstuk 25

25.1 Sybella wil na Lilith se kantoor en die Aqua-laboratorium toe gaan om haar eie bloedselle geneties te modifiseer.

25.2 Sy is bang dat as hulle presies weet wat haar planne is, hulle haar dalk sal probeer keer, en sy is self nog te geskok oor wat sy uitgevind het om daaroor te praat.

25.3 Ja, “Lilith Rox wag by die agterdeur”.

25.4 Ja, die leser verwag dat die androïednagwag vir Sybella in Lilith se kantoor sal sien, en weet nie wat die uiteinde daarvan sal wees nie.

25.5 Sy kry een van Zuri se hare op die mat.
Sy kan die DNS in die haar gebruik om iets vir Lilith voor te berei.

25.6 Sybella is in die Aqua-laboratorium in die Biotron-gebou.

25.7 Hulle het haar die waarheid in Biotron help ontdek.

Hoofstuk 26

26.1 Die klimaks waar die konflik ’n hoogtepunt bereik en dan volg die oplossing daarna.

26.2 Zuri sluit die deur met haar neuronet oop.

26.3 Want dan word die video wat Cedric nie bekend wil maak nie, vrygestel.
Eie antwoord

26.4 Die blom van die dood.
Dit skep ’n gevoel van gevaar en onheil wat dalk mag volg. Lilith en Cedric probeer kort hierna Sybella se lewe neem. Die dood verwys na Sybella wat in lewensgevaar is.

26.5 Jynna se bloed en weefselmonsters het nie die DNS waarna Lilith op soek is nie, of sy kon nie die monsters suksesvol ontleed nie.

26.6 Sodat Sybella kan sterf en Lilith en Cedric skotvry van alles kan afkom.

26.7 Sy kan moontlik met Sybella se bloed in die beenmurg wat op haar drup, besmet word.

26.8 Sy wil haarself (van vervolging) red deur vinnig te vlug.
Lilith het net vir Cedric gebruik, hulle het nie 'n ware (liefdes-) verhouding gehad nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 27

27.1 Die los drade word saamgevat, die verhaal kom tot 'n einde.

27.2 Zuri het per ongeluk die video vrygestel waar Cedric die genmodkinders versmoor het.

27.3 Eie antwoord, bv. Ja, dit is makliker as om harde kopieë te lees.

27.4 Sy het geskrik en gedink Cedric gaan vir Jax doodskiet.

27.5 Hardvogtig/liefdeloos

27.6 Sybella dink aan alles wat gebeur het in haar soeke na antwoorde./Die gebeure rondom die soeke na waarheid voel dalk vir Sybella oorweldigend, asof dit oor 'n langer tyd afgespeel het.

27.7 Dat Sybella die waarheid omtrent haar ma se dood en Jynna se verdwyning uitvind en vrede daarmee maak, en daar nou ‘n nuwe begin vir haar voorlê.

27.8 Hy het vir Jynna opgespoor.

27.9 Sy is 'n robot, nie 'n mens nie.

27.10 Eie antwoord, bv. Ja, sy kan nie 'n verhouding te hê met iemand wat sy nie kan vertrou nie.

Hoofstuk 28

28.1 Meliwami snork

28.2 Dis die geen waarop Sybella die mutasie het wat veroorsaak dat sy lank gaan leef. Lilith kan dan met geenredigeringstegnieke, hierdie geen byvoeg by die genmodfetusse en -kinders wat sy aan ryk ouers voorsien.

28.3 Eie antwoord, bv. Ja, as jou lewe daarvan afhang, kan jy dit gebruik.

28.4 Die gebruik van die GeneConverter is onwettig omdat daar baie abnormale genetiese veranderinge daarmee aangebring kan word soos om mense se haarkleur te verander of diere se genetiese samestelling drasties te verander.

28.5 Lilith gaan lank leef, maar sy gaan ook velsiektes soos Zuri en Kai kan hê.
Eie antwoord, bv. Nee, Lilith verdien om tereggestel te word vir al haar misdade wat sy gepleeg het.

28.6 Die geen-mutasie veroorsaak sproete op die vel, vandaar die naam Kwarteltjie.

28.7 Ontknoping

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Hoofstuk 29

29.1 Dit is die laaste hoofstuk in die roman waar die verhaal tot ’n einde kom.

29.2 In ’n park naby Sybella se woonstel.

29.3 Jynna is besig om haar skoolloopbaan te voltooi en Yala gaan ’n nuwe tak van Zonga's vir Meliwami bestuur.

29.4 Ja, want dit gaan oor geenredigering, soos sy al met die AquaLumen pen gedoen het en is dit is haar belangstellingsveld.

29.5 Eie antwoord, bv. Nee, dit is ook oneerlik nes Lilith en Cedric/Seth oneerlik in hul optrede was waarvan Sybella nie gehou het nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

WOORDVERKLARINGS

WOORD	BLADSY	BETEKENIS
hommeltuig	1	’n Robotvliegtuig wat gewoonlik vanaf ’n afstand beheer word.
hologram	1	’n Hologram is ’n driedimensionele beeld wat deur ligstrale gevorm word.
deportasie	2	Die wegstuur van ongewenste vreemdelinge uit ’n land.
kuborg	10	Wanneer die huidige liggaam van die mens met nuwe tegnologie opgradeer word met bepaalde eienskappe, (bv. om beter te presteer deur 'n verbinding van die brein en rekenaars), word die mens ’n kuborg genoem.
hokgevegte	31	’n Geveg wat in 'n kryt plaasvind wat met hoë diamantdraad omring is.
DNS	19	Die DNS van ’n mens is die stof in die selle van ’n mens se liggaam wat jou unieke genetiese kode bevat.
mikrolasertegnologie	22	Die tegnlogie waar ’n baie klein apparaat ’n intense monochromatiese ligstraal voortbring om in prosedures, soos mediese prosedures gebruik te word.
nanobot	22	’n Robot (tegnologie) wat kleiner as 'n nanometer is en in Donkerbloed gebruik word om o.a. medisyne toe te dien. Die woord "nano" beteken 'n miljardste deel.
geneties	23	Wat die genetiese struktuur betref.
onwettige immigrant	29	Iemand van 'n ander land wat nie oor wettige dokumente beskik om in die gasheerland te woon nie.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

polisieklopjagte	33	Onverwagte besoeke van die polisie aan sekere plekke om wetsoortreders in hegtenis te neem.
hoogdrawende	42	’n Deftige, neerhalende manier van praat.
litteken	51	'n Merk wat op iemand se vel oorbly nadat 'n wond genees het.
Nobelprys	56	'n Prys wat aan iemand in die wêreld toegeken word wat 'n uitblinker op 'n bepaalde gebied is.
mispel	63	'n Eetbare vrug wat amper soos 'n appel lyk wat aan 'n mispelboom groei.
kernfisika	63	Die wetenskap wat veral die atoomkern bestudeer.
brutaliteit	95	Die onbeskoftheid of ook die wreedaardige optrede van iemand.
vratte	121	'n Uitgroeisel op iemand se vel, is gewoonlik hard.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

LITERÊRE GLOSSARIUM

In die KABV (2011) word die volgende begrippe/terme aangedui waarvan die leerder en onderwyser kennis van moet neem:

beeldspraak – taaluiting wat van figuurlike, oordragtelike taal gebruik maak, bv. vergelykings.
In *Donkerbloed* word die kuborg (Cedric Morton) se manier waarop hy na Jax kyk, met die van 'n luiperd vergelyk wat na sy prooi staar (2021:10).

denotasie (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking.
Sybella noem dat haar ma ’n wêreldberoemde biogenetikus was (2021:28).

eksplisiet (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word.
Nadat Yala die nag uitgerus het, sien Sybella dat sy wel gaan herstel, al beskik sy nie oor nanobots nie, sy is taai (2021:29).

figuurlike taal (teenoor *letterlike taal*) **–** sinnebeeldig, metafories, oordragtelik; woorde en frases wat gebruik word om ’n spesifieke effek te bereik soos vergelykings, personifikasie, metafoor. Literêre tekste maak baie van figuurlike taal gebruik.
Sybella noem dat sy die blouaapstuipe kry om haar vrees vir Cedric Morton te verwoord (2021:17).

formaat – die vorm van tekssoorte soos ’n verslag, brief; ook grootte van iets.

geïmpliseerde betekenis – betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie.
Wanneer Yala na Seth as ’n "asgatwurm" verwys, word impliseer dat hy nie oor positiewe eienskappe beskik nie, vir Sybella sleg behandel het (2021:154).

genre – ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore.
Donkerbloed se genre is ’n roman, en dan kan dit verder as 'n roman wat in die toekoms afspeel, en wetenskapsfiksie beskryf word.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

gepastheid – taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word.
Die taal wat gebruik word, pas by die konteks van 2045 as jaar waarin die roman afspeel.

gevolg – die resultaat van handeling/gebeure of ’n aksie.
Sybella wat die foto van Jynna op Yala se skootrekenaar sien, het tot gevolg dat sy wel Lilith Rox se werksaanbod aanvaar (2021:65)

herlees – ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan.

herformuleer – ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

houdings – maniere van optrede of gedrag
Cedric het 'n slinkse (vals/geslepe/bedrieglike) houding as hy in Lilith se kantoor met Sybella praat (2021:82).

idiomatiese uitdrukking – ’n uitdrukking wat die idioom of taaleie betref, kenmerkend van ’n sekere taal; idiome sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke.
Sybella sê dat die appel nie ver van die boom val nie, toe sy na haar wetenskaplike toekenning verwys (2021:43). Die idioom, die appel val nie ver van die boom nie, beteken dat sy oor dieselfde eienskappe as haar ma beskik.

implisiet (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word
In Sybella se ma se navorsing dra sy die navorsing ook aan Sybella op met die woorde, "bloed van my bloed" (2021:195). Die leser kan hieruit aflei dat haar ma oor dieselfde BS3y-mutasie as Sybella beskik wat langlewendheid verseker.

intrige – verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

ironie – woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het

jargon – taal van bepaalde groepe; vaktaal (bv. rekenaargebruikers verwys na “RAM”). Jargon kan soms gebruik word om luisteraars / lesers uit te sluit.
Dit sal in die roman na die DNS-mutasies en navorsing verwys, en na goed wat in ’n laboratorium voorkom, bv. petribakkies.

klimaks (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.
Verwys na bl. 10 in hierdie gids.

koherensie – samehang in ’n paragraaf en die samehang binne die verskillende paragrawe van ’n teks wat idees saambind.

kohesie – samehang binne sinne

konflik – stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan
Verwys na bl. 18 in hierdie gids.

konnotasie – wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis.
Sybella se keel trek toe (2021:161) wat op haar angs dui en nie dat haar keel regtig kleiner word nie.

konteks – die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word
Die konteks van hierdie roman is ’n verbeelde 2045.

kontekstuele leidrade – ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

kontras (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

Waar Jynna se kleredrag as eksentriek deur Sybella beskryf word, beskou sy haar eie kleredrag as vervelig (2021:28).

kopkaarte / breinkaarte – grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

letterlik (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

literêre tegnieke – letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

magsverhoudings – verhoudings gemeet aan gesag en invloed

Waar Sybella aansoek om verlof doen, is Lilith se gesag oor Sybella duidelik in haar antwoorde aan Sybella wat die woorde "verwag jou egter oor presies vier dae terug" (2021:134) insluit.

oorsaak – dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand /’n reaksie.

Die oorsaak van Sybella se besluit om by Biotron te gaan werk, is die foto van Jynna op Biotron se webblad (2021:65).

parafrase – die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

perspektief – ’n karakter/verteller se standpunt/siening oor kwessies in ’n roman

Verwys na bl. 19 in hierdie gids

retoriese vraag – ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

Sybella vra haarself af of sy eerder moet bedank as Lilith nie regtig haar verlof wil toetssa nie (2021:133).

retoriese middels – middels soos pouses en herhaling, deur ’n spreker / skrywer / aanbieder gebruik om doeltreffend te oortuig

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

Sybella maak van ’n pouse (ellips in die teks, 2021:133) gebruik om haar huiwering aan te toon.

samehang – onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

sarkasme – bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker/skrywer bedoel

simbool – ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys
Die geur van lelies wat met Lilith geassosieer word, hou met die dood verband (2021:208)

sintetiseer – die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

soeklees – om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

stemming – atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word. Spanning word met kort sinne en beskrywing geskep toe Sybella die polisieman in die park sien waarheen sy en Yala gegaan het (2021:53).

stereotipe – vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

styl – trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

subintrige – ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)
Verwys na bl. 10 in hierdie gids.

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

teikengroep – die bedoelde lesers van, luisteraars na, toeskouers of waarnemers van ’n spesifieke teks of kopers van ’n produk. Tydens beplanning van ’n skryfstuk / aanbieding, moet ’n skrywer / spreker die doel en teikengroep in aanmerking neem deur ’n gepaste formaat te kies.
Die teikengroep vir hierdie roman is waarskynlik 'n tiener, so 15 – 16 jaar oud, alhoewel ouer lesers ook die roman sal geniet.

teks – dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

tema – die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.
Verwys na bl. 21 in hierdie gids.

transaksionele skryfwerk – funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

vergelyk (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is.
Sybella vergelyk haarself met Jynna en ook vir Yala met Jynna(2021:28).

vertellersperspektief – verteller se standpunt vanuit ’n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)
Verwys na bl. 19 in hierdie gids.

vluglees – om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

vooroordeel – vooropgestelde idees oor ’n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo ’n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.
Sybella het 'n vooropgestelde idee dat genmods stinkryk ouers het en meerderwaardige houdings het, totdat sy vir Zuri en Kai ontmoet wat genmods is, maar wat onder Biotron se laboratoriums moet leef en sekere uitdagings het om te oorkom (2021:122).

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

BRONNELYS

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Formele letterkunde-onderrig van Afrikaans Huistaal: Die impak van literêre kenmerke van die drama, roman en poësie op die boodskap Graad 10-12 WAP Ras Department of Basic Education Lenteseminaar vir Afrikaans-onderwysers 2015 Universiteit van Pretoria Groenkloofkampus 18 September 2015

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

NASIONALE ORIËNTERINGSWERKSWINKEL VIR TALE, Department Basic Education. 2011

Scheepers, E. 2021. *Donkerbloed* Kaapstad: Human & Rousseau

https://www.vrouekeur.co.za/funksie-artikels/die-storie-agter-die-storie-24-junie-2011 (besoek op 14 November 2021)

https://af.wikipedia.org/wiki/Transhumanisme (besoek op 12 Desember 2021)

https://af.wikipedia.org/wiki/MMA (besoek op 12 Desember 2021)

Onderwysersgids saamgestel deur Isabella Venish, 2021. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers